Januarie - Februarie 2024

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 23, No. 1 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan & Feb 2023 *Tomorrow's World*-tydskrifte



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Die strewe na blywende geluk

'n Wyse en ryk koning – die verstandigste en rykste van sy tyd – het gesoek na die geheim van 'n gelukkige lewe. Hy het vreugde gesoek in wyn, vroue, musiek en in nog baie ander dinge. Hy kon kies om die bekwaamste komediante en musikante voor hom te laat optree. Hy het hom in boeke verdiep, kennis opgedoen en wysheid verkry en nie nagelaat om te leer deur sy waarneming van ander mense nie. Daar was feitlik niks buite sy bereik op die fisiese vlak nie. Hy het vir homself gesê:

"EK het in my hart gesê: Nou ja, ek sal jou met vreugde op die proef stel; geniet dan die goeie! Maar kyk, ook dit was tevergeefs. Van die lag het ek gesê: Dit is onsinnig! en van die vreugde: Wat verskaf dit? Ek het in my hart daaroor nagedink om my liggaam met wyn te verkwik – terwyl my hart *my* met wysheid sou lei – en om aan die dwaasheid vas te hou totdat ek sou sien wat goed is vir die mensekinders, wat hulle moet doen onder die hemel gedurende die getal van hulle lewensdae. Ek het groot werke onderneem: ek het vir my huise gebou, ek het vir my wingerde geplant. Ek het vir my tuine en parke aangelê en daar allerhande vrugtebome in geplant. Ek het vir my damme gemaak om daaruit 'n bos met jong bome te besproei. ... Ek het vir my ook silwer en goud versamel, en 'n eiendom van konings en provinsies; ek het vir my sangers en sangeresse verskaf en die genoeëns van die mensekinders: lieflinge in menigte. ... En alles wat my oë begeer het, het ek hulle nie ontsê nie; my hart het ek van geen enkele vreugde teruggehou nie, want my hart het hom verheug vanweë al my moeitevolle arbeid, en dit was my deel van al my moeitevolle arbeid" (Prediker 2:1-6, 8, 10).

Indien besittings en rykdom geluk kon koop, sou hierdie koning sonder twyfel die gelukkigste man wees wat nog ooit geleef het. Was hy egter gelukkig? Hier is sy antwoord: "Daarom het ek die lewe gehaat, want die werk wat onder die son gedoen word, het my mishaag, omdat alles tevergeefs is en 'n gejaag na wind" (Prediker 2:17). Hy het ongetwyfeld dít wat hy bereik het en die opwinding van die lewe geniet, maar tog gesien dat alles op die ou end tevergeefs was.

Dit sou sekerlik anders gewees het indien *u* in koning Salomo se skoene was! Is dit nie wat baie van ons dink nie? Ons hoor dikwels dat mense sê dat geld nie geluk kan koop nie, maar hulle leef hulle lewens asof dit moontlik is. Dink aan die gewildheid van staatsbeheerde mega-

loterye – hoe groter die prys, hoe meer geld word deur hordes hoopvolle mense belê.

Mense probeer om elke fisiese begeerte soos honger en dors te bevredig, net soos Salomo gedoen het, maar die lewe bly uiteindelik leeg en doelloos. Sommige mense leef om gholf te speel. Ander mense leef vir die naweek om hulle gunsteling span te ondersteun terwyl ander mense graag "partytjie hou". Sekere ander mense versamel rykdom – meer as wat hulle ooit kan nodig hê. Daar is diegene wat smag na gewildheid of mag. Daar is tydelike plesier in baie dinge, maar uiteindelik, soos Salomo self opgemerk het, bevredig geen stoflike plesier ons vir ewig nie. Oor ons almal se koppe hang die swaard van die onvermydelike dood!

Salomo is nie die enigste Bybelfiguur wat die nutteloosheid van die sterflike lewe ingesien het nie. Die profeet Jesaja het opgemerk dat dit in die mens se aard is om die vlietende oomblikke van geluk na te jaag. Hy gee aan diegene wat na geluk streef deur wêreldse plesier na te jaag, dié raad: "o ALMAL wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie?" (Jesaja 55:1-2).

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Die strewe na blywende geluk**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Gaan u na die HEL?** 3
*Is afgestorwe geliefdes nie besig om te ly terwyl hulle gemartel word omdat hulle Jesus Christus nooit aangeneem het nie? Die waarheid is nie wat die meeste mense dink nie.*

**Sal ons ag slaan op die waarskuwings?** 8

**Die aanslag teen die term "normaal"** 11
*Terwyl die samelewing hulle haas om die "ou normaal" van geslag en seksualiteit te vervang – faal ons daarin om die ware probleme te herken asook die ware oplossings?*

**Die beste wat 'n man kan doen** 15
*Namate mense toenemend weier om te onderskei tussen man en vrou – wat kan 'n man doen om sy rol na die beste van sy vermoë te vervul?*

**VIND VREUGDE Daar is 'n doel met die pyn** 20

**Wees bedag op u verstand** 24
*U het al gehoor dat gesê word: Dit is verskriklik om 'n verstand te vermors. Dink u egter ooit aan die verstand van God?*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Gaan u na die HEL?

## Deur Richard F. Ames

Is afgestorwe geliefdes nie besig om te ly terwyl hulle gemartel word omdat hulle Jesus Christus nooit aangeneem het nie? Die waarheid is nie wat die meeste mense dink nie.

Is u bekommerd dat u afgestorwe vriende en geliefdes 'n vurige marteling ondergaan omdat hulle nie getroue Christene was nie of Jesus Christus enigsins ooit aangeneem het nie? Wat van u eie toekoms? Die reine waarheid van hierdie saak is 'n ontsagwekkende openbaring van God se genade en geregtigheid en dit is *nie* wat die meeste mense dink hulle weet nie.

In 'n opname van November 2021 is bevind dat 73 persent van Amerikaners in die bestaan van die hemel glo, terwyl 62 persent van Amerikaners in die hel glo. Navorsers van die Pew Foundation het bevind dat 61 persent in die hemel sowel as die hel glo, terwyl 26 persent nie in die hemel óf die hel glo nie *("Few Americans Blame God or Say Faith Has Been Shaken Amid Pandemic, Other Tragedies," PewResearch.org*). Een persent Amerikaners het gesê hulle glo in 'n hel, maar nie in die hemel nie.

In Augustus 2020 het 'n soortgelyke opname wat deur navorsers aan die *Arizona Christian University* gedoen is, bevind dat 54 persent van volwassenes in die Verenigde State geglo het dat hulle hemel toe sal gaan nadat hulle gesterf het. Net 2 persent het gesê hulle verwag om hel toe te gaan. Vyftien persent het gesê hulle weet nie waarheen hulle ná die dood sou gaan nie. Nog 13 persent het gesê dat hulle nie in 'n hiernamaals glo nie, terwyl 8 persent gesê het dat hulle gereïnkarneer sal word en nog 8 persent het gesê hulle verwag om na 'n "plek van reiniging" te gaan voordat hulle hemel toe gaan *("AWVI 2020 Survey: 1 in 3 US Adults Embrace Salvation Through Jesus; More Believe It Can Be 'Earned'," Arizona Christian.edu*).

Die idee van 'n folterende helse vuur is vanselfsprekend absoluut skrikwekkend. Kan ons ons indink hoe die 2 persent mense voel wat sê hulle verwag om hel toe te gaan ná die dood? Daar is tog baie mense wat die hele konsep van hemel en hel 'n bespotting maak. Hoeveel mense verwerp Christenskap geheel en al wanneer hulle hoor dat slegs diegene wat Jesus Christus se leerstellings hoor en dit aanvaar, hemel toe kan gaan? Watter soort God sou miljarde mense hel toe stuur bloot omdat hulle gebore is in tye en plekke waar Jesus se boodskap nie beskikbaar was nie?

Dit kom so wreed voor. Waarom glo die meerderheid belydende Christene dus dat miljarde mense wat geleef en gesterf het sonder dat hulle ooit Jesus se naam gehoor het, die ewigheid sal deurbring terwyl hulle ondenkbare pyniging verduur? Is dit werklik wat die God van die Bybel in gedagte het vir mense wat Hy geskep het?

Sou u geskok wees om te hoor dat u Bybel eintlik leer dat niemand op hierdie oomblik in die hel brand nie? Trouens, daar is *geen* onsterflike siele wat vir ewig in die vlamme van die hel wriemel en skree nie en dit sal *nooit gebeur nie*. Ja, daar sal 'n helse vuur wees, maar nie die soort wat so baie mense hulle verkeerdelik voorstel nie.

U Bybel onderrig 'n feit wat u behoort te vertroos oor u toekoms en u gerus te stel oor die goedheid, barmhartigheid en volmaakte geregtigheid van God. Indien u geliefdes het wat "in hulle sondes" gesterf het of u is bang omdat iemand u vervloek het om "hel toe te gaan", is dit nodig dat u hierdie artikel lees.

### Moenie vir Dante glo nie

Dit mag u dalk verbaas om te verneem dat vandag se algemeen aanvaarde idees van die hel meestal uit 'n *fiktiewe gedig* kom. Dit kom spesifiek uit die bekende gedig *La Divina Commedia* (in Engels, *The Divine Comedy*), wat meer as 700 jaar gelede deur die Italiaanse digter Dante Alighieri geskryf is. Dante se gedig bestaan uit

drie dele: *Inferno*, *Purgatorio* en *Paradiso* – of *hel*, *vagevuur* en *paradys*. Sy aanskoulike beskrywing van siele wat in angs wriemel, vorm die fokus-punt van die oortuigings van miljoene mense, selfs tot vandag toe.

In *The Divine Comedy* lei die antieke Romeinse digter Vergilius vir Dante op 'n reis deur die hel. By die hel se ingang is 'n vreesinboesemende teken met hierdie boodskap: "LAAT VAAR ALLE HOOP, JULLE WAT HIER INKOM". Die volgende is hoe Virgilius sy toer deur die hel aan Dante inlei:

> Ek sal jou gids wees en jy sal my volg en ek sal jou deur 'n wêreld van pyn lei
> waar dooie siele wriemel in eindelose angs en skreeu, terwyl hulle huil, om weer te sterf (Canto I, reëls 107-110, vertaal deur Elio Zappulla, 1998).

Let op die woorde "foltering" in Dante se beskrywing. Baie mense is verbaas om te verneem dat die idee van 'n onsterflike siel nié uit die Ou Testament óf die Nuwe Testament kom nie, maar deur Rooms-Katolieke filosowe aangeneem is wat vertroud was met die filosofie van antieke Griekeland en antieke Rome. Oorweeg hierdie erkenning deur die skrywer Tertullianus (155-220 n.c.):

> Want sommige dinge is van nature bekend: Die idee van die onsterflikheid van die siel, byvoorbeeld, word deur baie mense gehuldig. Ek kan dus die mening van Plato gebruik wanneer hy verklaar: "Elke siel is onsterflik" (*"On the Resurrection of the Flesh," Ante-Nicene Fathers, vol. 3*).

Ons as Christene moet egter hou by die sienswyse van *die Bybel*, nie van Plato of die "baie ander opinies" nie. Kom ons kyk noukeurig na een van die bekendste verse in die Bybel, wat dikwels die "Goue Vers" genoem word – Johannes 3:16. Ons lees:

> "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Let op na Johannes se bewering dat Jesus gesterf het sodat ek en u nie omkom nie. Ewige lewe is 'n gawe van God – nie iets wat ons inherent as menslike siele het nie. Later in die Nuwe Testament bevestig die apostel Paulus se geskrifte hierdie belangrike waarheid, soos toe hy aan die Korinthiërs geskryf het:

> "Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" (1 Korinthiërs 15:53-55).

Kan dit eenvoudiger gestel word? Jesus het Sy lewe gegee sodat ons, Sy volgelinge, *nie* hoef te vergaan nie – nie vir ewig dood hoef te wees nie. Hy het gekom sodat ons *nie* vir ewig vernietig kan word nie – nie ons lewe vir altyd verloor nie! Baie mense is verbaas dat die Bybel leer dat mense sterflik is, nie onsterflik nie. Dit is deur Jesus se dood en opstanding dat ek en u met onsterflikheid beklee kan word by die *opstanding* uit die dood.

Ons weet dat die liggaam sterf, maar wat van ons "siel"? Jesus sê vir ons dat God in staat is om siel én liggaam in die Gehenna-vuur te vernietig (Matthéüs 10:28). Hoe kan dit moontlik wees as die menslike siel onsterflik is? Dit is duidelik dat die menslike liggaam by die dood vernietig word, maar wat gebeur met daardie mense wat sogenaamd hel toe sou gaan?

Dit is nodig dat ons verstaan dat ons nie met onsterflikheid gebore is nie. Dit is 'n geskenk van God! Onthou dat "die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23). Let op dat hierdie Skrif nie sê: "Die loon van sonde is onsterflike lewe in die helse vuur nie". Die beloning van sonde is nie onsterflike lewe nie, dit is die dood – die afwesigheid van lewe. Indien u reeds 'n onsterflike siel het – indien u reeds die ewige lewe het – dan het u dit nie nodig as 'n

gawe van God nie. Ja, 'n siel kan sterf! Die profeet Eségiël herinner ons: "... die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Eségiël 18:4). In daardie vers is die Hebreeuse woord vir "siel" *nephesh*, wat na fisiese of natuurlike lewe verwys. In Génesis 1 verwys dieselfde woord, *nephesh*, ook na elke lewende "ding" en "lewende wesens" – na alle dierelewe, met inbegrip van soogdiere, visse en voëls. Die Bybel leer wel dat daar 'n menslike gees is, die gees in die mens (1 Korinthiërs 2:11; Job 32:8, 18), maar dat menslike gees *nie* 'n onsterflike siel is nie. Wat beteken dit dus dat 'n siel hel toe kan gaan?

**Watter hel?**

Wanneer ons die Bybel in Engels lees, is dit nodig dat ons besef dat daar eintlik vier woorde in die oorspronklike geïnspireerde Hebreeus en Grieks is – een woord in Hebreeus en drie woorde in Grieks – wat deur ons as "hel" in die Engelstalige en Afrikaanse Bybels vertaal word. Daardie vier woorde het *drie verskillende betekenisse*. Baie mense wat die Bybel in Engels of Afrikaans lees kom tot die verkeerde gevolgtrekking dat die woord "hel" altyd 'n ewige vuur beteken. Dit is 'n feit dat dit nié so is nie!

Een betekenis van "hel" in u Bybel kom van die Hebreeuse woord *sheol* of die Griekse woord *hades*. Hierdie "hel" beteken eenvoudig "die put" of "die graf". Dit is hierdie woord wat in Ou Engels opgeneem is as die woord wat 'n gat in die grond of die aarde beskryf. Landbouboere het hulle aartappels in *helle* gestoor, wat ons 'n "groentekelder" kan noem.

Baie mense verkies natuurlik vandag verassing bo begrafnis. Die antieke verband tussen *hades* en *sheol en* "die graf" is die plek waarheen ons almal gaan tot ons toekomstige opstanding duidelik is en dit word erken deur hedendaagse Bybelvertalers.

Die Hebreeuse woord *sheol* kom 65 keer in die Ou Testament voor en in die *King James Version* word dit 31 keer as "*grave* [graf]" vertaal, 31 keer "hel" en drie keer as "put". Die *New International Version* van die Bybel vertaal egter die woord *sheol* as "*grave* [graf]" en vertaal dit nooit as "hel" nie.

Nog 'n betekenis van "hel" kom van die Griekse woord *tartarus*, wat dui op die opsluiting van gevalle engele - dit verwys nie na menslike sondaars nie. Let op: "Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel [*tartaroo*] gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word" (2 Petrus 2:4).

Die derde betekenis van "hel" word gevind in die Griekse woord *Gehenna*, wat letterlik na die dal Ben-Hinnom buite Jerusalem verwys [Josua 15:7-8]. Die inwoners van Jerusalem het 'n vurige put in stand gehou waar die stad se vullis tot as verbrand is. Jesus het ons gewaarsku: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel (Gehennavuur)" (Matthéüs 10:28). Gehenna-vuur beeld dus die poel van vuur uit wat ook beskryf word in die boek Openbaring (Openbaring 21:8).

Besef u wat dit beteken? Indien ons die vraag vra, "Wie brand in die hel?" is die antwoord "niemand nie" wanneer ons van *sheol* of *hades* praat.

Wat dan van Gehennavuur? Indien u 'n jarelange leser van *Die Wêreld van Môre*-tydskrif is, weet u dat ons uitsien na drie opstandings wat in u Bybel beskryf word. Die eerste opstanding is vir die heiliges – die volgelinge van Jesus Christus wat as Sy getroue dissipels in hierdie huidige tyd geleef en gesterf het. Hulle sal hulle Verlosser bystaan om op die planeet Aarde te regeer gedurende die Millennium en sal daardie rol voortsit gedurende die Wit Troon Oordeel, die tyd net ná die Millennium met die tweede opstanding wanneer die meeste van die mensdom hulle *eerste werklike geleentheid* gegee sal word om Jesus Christus as Verlosser te hoor en Hom te aanvaar en om volgens Sy manier te leef. Ons lees:

> "EN ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke (Griekse *Biblion*, wat die Bybel beteken) is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Openbaring 20:11-12).

**Gesuiwer deur vuur**

Aan die einde van daardie periode van oordeel sal diegene wat weier om God te gehoorsaam – diegene wat hulle karakter as boos verseël het – in die poel van vuur gegooi word. "En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp" (Openbaring 20:14-15).

Dit is wanneer die "derde opstanding" sal plaasvind. Diegene wat geroep is en Jesus Christus verwerp het, sal opgewek word om hulle straf te ontvang – dieselfde straf wat uitgedeel is aan diegene wat Christus verwerp na die tweede opstanding.

Daardie straf is die "tweede dood" waarvan in Openbaring 20 gepraat word, waaruit daar geen opstanding is nie. Onthou, God kan die siel asook die liggaam in die Gehenna-vuur vernietig.

Wie sal in daardie vuur verteer word? Die goddeloses sal vernietig word – nie vir ewig gemartel word nie. Let op: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood" (Openbaring 21:7-8).

Hierdie straf word 'n dood genoem, nie 'n ewigheid van marteling nie – al sal die straf ewig wees in die sin dat die goddeloses verbrand sal word tot as. Die poel van vuur sal elke mens wat daarin gewerp word, *vir ewig heeltemal vernietig*. Dit sal nie net een of ander rommelhoop buite Jerusalem wees nie. Dit sal uiteindelik die hele aarde insluit, terwyl God ons planeet suiwer voordat die Nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal. Ons lees dat "die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan; en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand" (2 Petrus 3:10).

Is dit 'n ewig brandende vuur? Let op dat Judas skryf: "... soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan" (Judas: 7).

Natuurlik brand die vuur nie meer in die antieke stede van Sodom en Gomorra nie. Die Griekse woord vir "ewige" in hierdie vers is *aionios*, wat ewigdurend beteken. Dit is die manier waarop *Young se letterlike vertaling* dit weergee: "Soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, net soos hierdie, hulleself aan hoerery oorgegee en agter ander vlees aan gegaan het, vooraf gestel is – 'n voorbeeld, van brand-tydperk, lyding van geregtigheid". Met ander woorde, die vuur van oordeel duur net vir die tyd waarin dit bedoel was. Die goddeloses sal verbrand word – vernietig word – tot as verbrand. Hulle sal vernietig word. Hulle *straf* sal ewig wees, deurdat hulle permanent vernietig sal word – om nooit weer gesien of lewend gemaak te word nie (Matthéüs 25:46).

**Wat van u?**

Petrus se ontnugterende beskrywings behoort ons te motiveer om so 'n verskriklike lot te vermy. Ons lees:

> "Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon" (2 Petrus 3:11-13).

Daar sal 'n vuur op aarde brand regdeur die Millennium en dit sal uiteindelik die hele planeet verswelg. Nadat die aarde uiteindelik met vuur gesuiwer is, sal die vuur ophou brand en die nuwe hemele en nuwe aarde sal seëvier. Die marteling wat deur Satan en sy demone gely word, sal egter nooit ophou nie: "en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid" (Openbaring 20:10). Hulle sal ly "in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele" (Matthéüs 25:41). Enige mens wat egter in daardie vuur gegooi word, sal vergaan en vir ewig vernietig word – soos die "dier" wat in Openbaring beskryf word, saam met die "valse profeet" (Openbaring 19:20).

U wil *nie* in daardie vuur

wees nie – u hoef ook nie in daardie vuur te wees nie! U kan u bekeer en gered word! Indien u voel dat God u roep, moedig ek u aan om die streekkantoor naaste aan u (lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) te kontak en vir raad te vra. *Die Wêreld van Môre* het verteenwoordigers regoor die wêreld wat u met graagte sal ontmoet wanneer en waar dit u pas.

Sal u een van daardie getroue Christene wees wat die aarde beërf en uiteindelik ook "alle dinge", soos ons in Hebreërs 2:8 lees? Let op dat God nie net aan Christene die aarde beloof nie (Matthéüs 5:5). Hy sal ook aan ons die hele heelal gee: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (Openbaring 21:7; Romeine 8:32). Dink aan hierdie wonderlike belofte: "Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie" (Hebreërs 2:8).

**'n Belofte wat baie verder strek as die hemel**

"Niks" nié onder hom geplaas nie? "Almal" in onderdanigheid? Ja, dit is die belofte! Die Griekse frase wat as "alle" vertaal word in Hebreërs 2:8 is *ta panta* – wat letterlik "die alles" beteken. Die Griekse woordeboeke [leksikons] verduidelik dat *ta panta* in die ware sin beteken "die heelal". God wil vir u, saam met miljarde ander mense, heerskappy gee, nié net op die aarde nie, maar oor die *heelal*. Ons kan dit egter eers ontvang nadat ons die ewige lewe beërwe het – eers wanneer ons God se onsterflike kinders geword het om saam met Christus in Sy Koninkryk tot in alle ewigheid te regeer. Ons werk gedurende die Millennium, hoe belangrik dit ook al mag wees, sal slegs neerkom op 'n voorsmakie van wat daarna sal kom.

God se doel is om ons voor te berei om oor die heelal te regeer. Ons sal onmiddellik na verafgeleë sterrestelsels kan reis. Ons sal nie deur tyd en ruimte beperk word nie. God wil hê dat ons die skepping van sy verval en korrupsie bevry. Paulus het geskryf: "... die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God" (Romeine 8:21). Ons sal nie die ewigheid deurbring met niks om te doen in 'n hemel waar net harpe en wolke is nie – God berei ons voor vir 'n ontsaglike eindbestemming regoor die heelal!

Dank God vir Sy ontsagwekkende plan van verlossing deur Jesus Christus. Danksy daardie plan brand niemand nou in die helse vuur nie en niemand sal in die helse vuur verbrand word bloot omdat hy nie Jesus se Naam of Sy ware Evangelie gehoor het nie. Vandag slaap jou afgestorwe geliefdes in die graf. Die meeste mense wat in hierdie huidige tyd leef en sterf – wie nooit geroep is nie en dalk nog nooit van Jesus Christus gehoor het nie – sal in die Wit Troon Oordeel opgewek word om hulle eerste werklike geleentheid vir redding te hê. Eers daarna sal die hardnekkige goddeloses in die "Gehenna-vuur" gegooi word waar hulle verbrand en vir ewig vernietig sal word. Mag u God se lewenswyse kies en uiteindelik Sy geskenk van ewige lewe ontvang! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 26 – Beantwoord die groot vraag*

hulle geen verontskuldiging het nie" (Romeine 1:18-20).
God praat deur sy profeet Jesaja: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:9-10). God het 'n plan en 'n doel. Hy het egter net aan 'n paar mense die vermoë gegee om dit volkome te verstaan, terwyl baie ander gewillig is om blind te wees.
Daar is 'n doel vir die mens en die hele skepping en daardie doel is deur 'n Skepper bepaal! Party wetenskaplikes ondersoek die materiële wêreld en kom tot die gevolgtrekking dat die Bybel se woorde oor hierdie aangeleenthede, feite is. Ongelukkig betwis of ignoreer baie mense dit tog.

**Ontkenning van die enigste Bron vir die antwoord**

Francis Crick, 'n molekulêre bioloog, biofisikus en neurowetenskaplike asook medeontdekker van die struktuur

*Vervolg op bladsy 19*

# Sal ons ag slaan op die waarskuwings?

Deur Douglas S. Winnail

Die wêreldwye omwenteling behoort niemand wat bekend is met die Woord van God te verbaas nie. Wat sal gebeur indien ons God nie gehoorsaam nie?

Die meeste belydende Christene het al die Bybelse boodskap gehoor: "God is liefde" (1 Johannes 4:8) en dat God sy Seun, Jesus Christus, gestuur het om vir die sondes van die wêreld te sterf (Johannes 3:16). Dit lyk egter of baie mense vandag vergeet het dat God elke seun [mens] "tugtig" wat Hy liefhet (Hebreërs 12:5-7). Die Bybel het baie voorbeelde wat daarop wys hoe hierdie waarskuwing deur die geskiedenis van toepassing was op individue sowel as nasies.

Belydende Christene glo oor die algemeen dat die Ou Testament deur die Nuwe Testament vervang is en dat ons nie meer bekommerd hoef te wees oor daardie gedeelte van die Skrif nie – behalwe miskien om die boek Psalms af en toe te lees vir inspirasie en die boek Spreuke vir raad. Dit word egter in die Nuwe Testament duidelik gestel: "Maar al hierdie dinge [opgeteken in die Ou Testament] het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het" (1 Korinthiërs 10:11). Die duidelike betekenis van hierdie vers is dat indien ons hierdie voorbeelde en hierdie vermanings vergeet of ignoreer, dit tot ons nadeel sal wees – veral wanneer die einde van die eeu nader kom.

Ons leef ook in 'n tydperk waar baie kritici beweer dat die Bybel nié 'n Goddelik geïnspireerde boek is nie en sê dat dit slegs deur mense geskryf is en ook dat niemand die toekoms met sekerheid kan voorspel nie. Daar is egter belangrike bewyse wat die apostel Paulus se duidelike bewering ondersteun naamlik "Die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Timótheüs 3:16). God openbaar deur die profeet Jesaja dat slegs Hý alleen die toekoms kan voorspel en dit dan kan uitvoer (Jesaja 46:8-11). Alhoewel baie mense Bybels besit, besef min van hulle dat byna 'n derde van die Bybel profesieë is, dat baie van daardie profesieë tweeledig is en dat baie daarvan gefokus is op die eindtyd waarin ons leef.

Hierdie profesieë bevat belangrike waarskuwings aangaande belangrike wêreldgebeure wat spesifieke volke gaan tref omdat hulle belangrike lesse vergeet of geïgnoreer het wat hulle voorouers gefaal het om te leer.

**Lesse uit die geskiedenis**

Daar word deesdae aan baie mense vertel dat die Bybel slegs 'n versameling van mites en stories is wat nie meer van belang is vir die hedendaagse wêreld nie. Die waarheid is egter net die teenoorgestelde (vir besonderhede, sien ons insiggewende boekie *Die Bybel: Feit of Fiksie?*). Die Bybel is in werklikheid 'n noukeurig bewaarde opgawe van onder andere God se betrokkenheid met die aartsvader Abraham en sy nageslag. As gevolg van Abraham se gehoorsaamheid aan God se instruksies, het God aan Abraham en sy nageslag beloof dat hulle 'n spesiale volk sou wees wat vir 'n wonderlike doel gekies is (Exodus 19:3-6). Die Israeliete het God se Wette ontvang om hulle van ander nasies te onderskei sodat hulle 'n lig kan wees vir die wêreld – 'n positiewe voorbeeld. Om dit te bevestig, het God 'n verbond met die Israeliete gesluit dat indien hulle Sy Wette gehoorsaam, hulle seëninge sal erf wat aan Abraham beloof is. Indien hulle egter ongehoorsaam is, sal hulle gestraf word (Levítikus 26; Deuteronómium 28).

Die hartseer verhaal wat in die Skrif opgeteken is, is dat die Israeliete hulle van God begin distansieer het kort nadat hulle uit ballingskap in Egipte gekom het – hulle het afgode opgerig, vreemde gode aanbid, teenoor Moses gekla en God se Wette oortree. Uiteindelik is die meeste van die eerste geslag Israeliete wat deur God uit ballingskap in Egipte verlos is, verbied om die

beloofde land binne te gaan en hulle het in die woestyn gesterf (Numeri 14:26-34). Hierdie straf is in die Skrif opgeteken as 'n les vir hulle nageslag.

Nadat Israel die beloofde land binnegegaan het, het hulle tot 'n mate 'n soort senioriteit bereik onder koning Dawid se seun Salomo. Hulle het egter die les vergeet wat hulle veronderstel was om by hulle voorvaders te leer, naamlik dat God hulle nasie geseën het wanneer hulle Sy Wette gehoorsaam en gevolg het. Uiteindelik het Israel in twee twisgierige, sondige nasies verdeel – Israel in die noorde en Juda in die suide. God het toe albei ongehoorsame nasies in ballingskap gestuur – Israel na Assirië en Juda na Babilon. Namate die tyd verbygegaan het, het die nasie Israel asook die nasie Juda nie die belangrike beloftes geërf wat God aan Abraham, Isak en Jakob beloof het nie. Dit was die beloftes om die poorte van hulle vyande te besit (Génesis 22:17) en ook in die geval van Josef se seuns – Manasse en Efraim – om 'n groot nasie en 'n groot menigte of gemenebes van nasies te word (Génesis 48:8-20).

In die Bybel is opgeteken hoe God die kinders van Israel op bonatuurlike wyse uit slawerny van Egipte verlos het, dat Hy hulle Sy uitverkore volk gemaak het en aan hulle Sy Wette gegee het sodat hulle 'n lig vir die wêreld kon wees. God het hulle egter gestraf omdat hulle Sy Wette oortree en verwerp het en ander gode aanbid het. Hierdie belangrike lesse is opgeteken as 'n waarskuwing vir die hedendaagse afstammelinge van die antieke Israeliete.

**Antieke profesieë is vandag van toepassing**

Ons begin dus besef wat die sondes en straf van die antieke Israeliete vandag met ons te doen het. Geskiedkundige bronne openbaar dat die afstammelinge van die Bybelse kinders van Israel niemand anders is nie as die mense van die hedendaagse Verenigde State van Amerika, die mense van Britse afkoms asook die mense van ander nasies van Noordwes-Europa (sien ons boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*). Hierdie nasies was die ontvangers van seëninge wat aan Abraham, Isak en Jakob beloof is. Min mense verstaan egter dat die voortbestaan van die seëninge wat hierdie nasies geniet, afhanklik is van hulle gehoorsaamheid aan die God wat daardie seëninge gegee het, net soos dit vir hulle voorvaders was.

Meer as 3 000 jaar gelede het Moses die antieke Israeliete gewaarsku: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronómium 31:29). In die Westerse wêreld van vandag, bevorder nasies wat op Bybelse beginsels van moraliteit gegrond was, doelbewus gedrag wat die Bybel veroordeel: egskeiding (Maleági 2:16), egbreuk en hoerery (Exodus 20:14; 1 Korinthiërs 6:9-10), homoseksualiteit en dieselfde-geslag "huwelike" (Levítikus 18:22; Romeine 1:26-27), fopdossers (*drag queens)* (Deuteronómium 22:5), tatoëermerke (Levítikus 19:28) en aborsie – die moord van hulle eie kinders (Exodus 20:13; Jeremia 2:34). Voor die 1960's is baie van hierdie bose gedrag nie net afgekeur nie – dit was onwettig. Die meeste mense het dit nie gewaag om hierdie dinge openlik te doen nie. Gedurende die afgelope dekades is hierdie gedrag egter bevorder en aangemoedig – in 'n daadwerklike stryd teen God se Wette.

Die profeet Jeremia, wat omstreeks 600 v.C. geskryf het, het daarop gewys dat hoewel heidense nasies nie hulle gode oor die eeue heen verander het nie, het die Israeliete, ten spyte van God se beloofde seëninge, verskillende en valse gode aangehang en in die voetspore van hulle antieke voorvaders gevolg (Jeremia 2:11-13). Dit is deesdae ook die geval. In plaas daarvan om hulle Bybelse erfenis aan te hang en te bewaar, het die hedendaagse afstammelinge van Manasse en Efraim (bv. Amerika, Kanada, Brittanje, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika) hulle eie selfgemaakte "gode", soos sekularisme, evolusie, materialisme en ateïsme aangehang. In plaas daarvan om die Bybel en die Wette van God as 'n riglyn vir gedrag te gebruik, beskou hierdie hedendaagse post-Christelike nasies nou die Bybel as "iets vreemds" (Hoséa 8:12).

Die profeet Hoséa het die Israeliete gewaarsku dat "omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp" en hy het hulle beskuldig want "Hulle het troueloos gehandel teen die HERE, want hulle het onegte kinders verwek" (Hoséa 4:6; 5:7). Vandag verskyn daar berigte oor die skerp afname in belydende Christendom in Engeland en Wallis (*Telegraph*, 29 November 2022) en die massa-uittog van die belydende Christendom wat in Amerika aan die gang is (*Grid News*, 17 Desember 2022). Studies toon ook dat meer as 40 persent van jong volwassenes geen godsdienstige verbintenis het nie – in skrille kontras met koloniale Amerika 200 jaar gelede, toe meer as 90 persent van die mense belydende Christene was.

Jeremia het die Israeliete ook gewaarsku dat ómdat hulle hulle God verlaat het en hulle afvallig geword het (Jeremia 2:17; 3:2), sê hy: "Kyk, Ek bring onheil oor hierdie volk, die vrug van hulle planne; want na my woorde het hulle nie geluister nie, en my wet, dié het hulle verwerp" (Jeremia 6:19). Daardie ramp sal "skielik" kom (Jeremia 6:26). Moses het die antieke Israeliete gewaarsku dat indien hulle nie na die stem van hulle God sou luister nie, hulle nasionale agteruitgang sou ervaar en in ballingskap sou gaan op 'n manier wat die wêreld sou verstom (Deuteronómium 28:15, 37-48). Hierdie is wat voorlê vir hedendaagse Israelitiese nasies wat God en hulle ware nasionale identiteite vergeet het.

**Wêreldse geskiedkundiges stem saam**

Dit is ook ontnugterend om op te let dat wêreldse geskiedkundiges oor dieselfde dinge skryf wat hierdie antieke profesieë lankal voorspel het. Byna 30 jaar gelede in 1994, het die navorser Jim Nelson Black besef wat besig was om te gebeur en skryf in *When Nations Die* oor tien waarskuwingstekens van Amerika se kultuur in krisis, wat voorsien het dat Amerika dieselfde pad van kulturele agteruitgang volg as antieke Griekeland en Rome. In 1996 het Harvard-professor Samuel Huntington die boek *Clash of Civilizations and the Remaking of World Order* geskryf waarin hy die agteruitgang van die Weste en die opkoms van ander nasies beskryf. In 2000 het die Europese historikus Jacques Barzun *From Dawn to Decadence* geskryf – 'n katalogus wat die laaste 500 jaar van die Westerse beskawing opsom – 'n tydperk waartydens Israel se afstammelinge die wêreld oorheers het. In 2011 het die Britse historikus Niall Ferguson *Civilization: The West and the Rest* geskryf waarin hy sê: "ons leef gedurende die einde van 500 jaar van Westerse vooruitgang" (bl. xv).

Hierdie skrywers is nie alleen in hulle beramings, nie. In 2011 het Patrick Buchanan, 'n adviseur van drie V.S. presidente, *Suicide of a superpower: Will America survive 2025*, geskryf. Hy het gewaarsku dat Amerika besig is om homself uitmekaar te skeur. "Amerika het die aspek van 'n dekadente samelewing en 'n kwynende nasie aangeneem ... Wat ons voorheen verenig het, is besig om tot niet te gaan. Dit is waar van die Westerse beskawing" (bl. vii, 7). Dit is die wêreld waarin ons vandag leef en Bybelprofesieë waarsku al vir 'n paar duisend jaar oor dieselfde gevare.

Vandag voel baie mense dat iets ernstigs verkeerd is in die wêreld, maar hulle verstaan nie dat Bybelprofesieë lank reeds waarsku dat 'n tyd van benoudheid sou aanbreek vir die nasies wat van Israel afstam, in die laaste dae nie (sien Jeremia 30) omdat hulle hulle van God sou distansieer en sal maai wat hulle gesaai het (Jeremia 2:17-19). Inderdaad, "hulle saai wind, maar hulle sal storm maai" (Hoséa 8:7). Jesus het gewaarsku dat Sy volgelinge op die uitkyk moet wees vir die ontstaan van wêreldtoestande wat hierdie antieke profesieë sal vervul net voor Sy beloofde Wederkoms (Matthéüs 24; Markus 13; Lukas 21).

Die skrif is aan die muur vir die hedendaagse afstammelinge van antieke Israel. Dit is nodig dat ons onthou dat ons God 'n God van liefde is en dat Hy 'n plan met alle mense het. God tugtig egter ook diegene wat Hy liefhet, om hulle te leer dat seëninge voortspruit uit gehoorsaamheid aan Sy Wette, terwyl die verontagsaming van die waarskuwings wat God voorsien die ernstige gevolge van ongehoorsaamheid meebring. Die vraag wat ons elkeen behoort te vra is, sal ons ag slaan op daardie belangrike waarskuwings of sal ons die foute van ons voorvaders herhaal? WvM

# Die aanslag teen die term "normaal"

## Deur Wallace G. Smith

Wat is vandag normaal op die gebied van seks, geslag en seksualiteit? Wat is 'n normale huwelik en 'n normale gesin?

Die antwoorde was voorheen vanselfsprekend. Terwyl sommige mense mag huiwer oor besonderhede, sou die meeste mense oor die algemeen saamgestem het oor wat normale standaarde van sulke basiese fasette van die menslike lewe verteenwoordig: Die huwelik was voorheen beskou as 'n lewenslange verbintenis tussen 'n man en 'n vrou, wat 'n gesin beskryf het en die gesondste omgewing geskep het vir kinderopvoeding. Die mensdom was georganiseer in mans en vrouens. Die feit dat seks ontwerp was om tussen 'n man en 'n vrou plaas te vind, was 'n vanselfsprekende biologiese feit – dikwels eenvoudig, maar dalk ongemaklik verduidelik deur 'n storietjie te vertel van blommetjies en bytjies. Die oorgrote meerderheid ouers – terloops een pa en een ma – het kennis geneem van hulle kind se geslag die oomblik toe hy of sy gebore is.

Dit was die samelewing wat die meeste van ons die afgelope 20 jaar – of selfs tien jaar gelede – geken het. Dit is nié die samelewing waarin ons vandag leef nie. Trouens, in hierdie "uitdagende" nuwe wêreld vind baie mense dit beledigend indien iemand net *vra* wat normaal is. Dit mag dalk selfs vir sommige van u wat hierdie artikel lees, aanstoot gegee het. Dit is omdat ons in die finale stadiums van 'n langdurige aanslag *teen normaliteit* leef. Maatskaplike manipuleerders het 'n aggressiewe veldtog – oor 'n tydperk van verskeie dekades – op tou gesit en het probeer om enige idee uit te roei dat sommige dinge as normaal en ander as abnormaal gesien behoort te word.

Die aanslag is in en deur gewilde media, vermaak, opvoedkundige instellings en regeringskringe gevoer en dit was suksesvol. Die gesegde wat deur die grapmaker Patsy Clairmont gewild gemaak is dat "normaal net 'n verstelling op u tuimeldroër" is, het stelselmatig verander in 'n basiese beginsel vir 'n splinternuwe benadering tot beskawing – voorheen ongehoord op die planeet Aarde – met die moontlike uitsondering van samelewings soos Sodom en Gomorra, waarvan die vernietiging so vinnig was dat die besonderhede van hulle kulture uit die rekord van die menslike geskiedenis uitgewis is.

In hierdie aanslag teen normaal is dit duidelik dat normaliteit buitengewoon vinnig besig is om die stryd te verloor. Soos wat normaliteit uit die samelewing verdryf word, is 'n verdraaide en abnormale samelewing vinnig besig om die ruimte wat agterbly, te vul. Dit is daardie laaste samelewing wat ons kinders sal erf – 'n samelewing waarin daar nie iets soos "normaal" bestaan nie en dit is die grootste oortreding om enigiets anders voor te stel.

Hoe het ons tot op hierdie punt gekom? Hoe erg is dit en kan dit erger word? Laastens, wat dink God van 'n kultuur waarin enigiets wat normaal is die vyand geword het?

**Die opkoms van die *"queer"*-teorie**

Moenie 'n fout maak nie: Alhoewel die aanvallers van normaliteit nie so gekoördineerd en sameswerend is as wat baie mense dink nie, *is* daar algemene leerstellings en doelwitte wat hulle voortdryf en verenig. Die invloed van filosowe wat begeer om die Westerse beskawing te "verander" en dit ooreenkomstig hulle eie beeld te herskep, is voorheen in hierdie tydskrif se artikels bespreek. Dr. Douglas Winnail het in sy artikel in Julie 2021 se *Tomorrow's World*, *"What's Behind the War on History?"*, in besonderhede die "lang opmars deur die instellings" beskryf wat "sieners"

oor baie dekades onderneem het. Die sogenaamde "kritiese teorie" wat in verskillende vorms ontstaan het in die akademie van die berugte Frankfurt Skool in die 1920's, het hoog mode geword. Die 1970's het die opkoms van die kritiese regsteorie beleef. Meer onlangs het die kritiese rasteorie die algemeen gewilde onderwerp van bespreking geword. Hierdie onderwerp word bespreek in die September 2021 *Tomorrow's World*-artikel "*The New Racism*".

Iets wat minder openlik genoem word, maar nie minder deurdringend in die invloed op moderne kultuur is nie, is die *queer-teorie*. Soos ander kritiese teorieë, is die mikpunt van die *queer*-teorie om algemene denkwyses af te "takel" en om wydverspreide norme uit te daag en om elemente van die samelewingstruktuur in 'n voorbeeld van mag te herskep: Sommige mense word as die "onderdruktes" [*previously disadvantaged]* en ander as die "onderdrukkers" beskou. Dit is ontwikkel in LGBT-studies en studieprogramme vir dames by kolleges en universiteite regoor die Westerse wêreld. Die *queer*-teorie fokus spesifiek op die aftakeling van *seksualiteit en geslag* – gevolglik alles wat deur daardie fasette van die lewe geraak word, soos byvoorbeeld die gesinstruktuur.

Akademici wie se denke deurdrenk is met hierdie idees probeer om dít wat as normaal beskou was te ondermyn en om dít wat voorheen "abnormale" idees en praktyke was, op te hemel. Vir hulle is dit nie genoeg dat die samelewing bloot die totale moontlike spektrum van seksuele gedrag en "geslagsamestellings" *aanvaar* of *toelaat* nie. Hulle wil die redevoering heeltemal "vernietig", met die doel om hoofstroom denke in die samelewing te verander sodat daar selfs nie eers 'n *gedagte* van "normaal" of "abnormaal" by mense sal opkom nie.

Dr. Roberta Chevrette van die *Middle Tennessee State University*, het byvoorbeeld geskryf van die noodsaaklikheid om "*queer* gesinskommunikasie" – denke en besprekings binne gesinne – te verander sodat heteroseksualiteit nie langer as die norm beskou word waarmee ander seksualiteite vergelyk word nie. Die doel van hierdie maatskaplike manipuleerders is om sosiale denke te verander sodat alle vorms van seksuele aktiwiteit as ewe "normaal" beskou word. Wanneer alles dus normaal is, is niks werklik normaal nie.

Die vooroordeel teen normale, gesonde seksualiteit en geslagsuitdrukking kan in wese ondervind word in die ontwikkeling van 'n nuwe woordeskat. Is u vertroud met die nuwe woorde? U kollege-opgeleide kinders is waarskynlik daarmee vertroud – in toenemende mate ook selfs u jonger kinders. Nog belangriker is dat diegene wat u skool se beleid en programme opstel *beslis daarmee vertroud is*.

Een nuwe woord is *heteronormatief*. Vanaf November 2022 definieer die *Merriam-Webster* woordeboek, die woord as, "verband hou of gebaseer op die houding dat heteroseksualiteit die enigste normale en natuurlike uitdrukking van seksualiteit is". 'n Belangrike aspek daarvan om dit wat normaal is *abnormaal* te laat lyk, is om dit te etiketteer sodat dit aangeval kan word en 'n vinnige Internet soektog genoeg is om u daarop te wys dat "heteronormatiewe denke" – dit is om te dink dat die normale uitdrukking van seksualiteit tussen 'n man en vrou is – nie meer "korrekte denke" is nie. Met ander woorde, indien u dink dat seksuele verhoudings tussen mans en vroue méér normaal as ander verhoudings is, is u nou skuldig aan *heteroseksisme*.

Indien u 'n man of 'n vrou is wat soos byna alle mense op die planeet uself steeds as dieselfde geslag beskou as wat u by geboorte verklaar is, is dit nie genoeg om uself 'n *man* of 'n *vrou* te noem nie. Nou moet u 'n *cisgender man of cisgender vrou* wees, om u te onderskei van 'n *transgender man* of *transgender vrou*. Indien u byvoorbeeld 'n man is wat dink dit is onnodig om na uself as 'n "cisgender-man" te verwys (u is immers manlik gebore en u weet u is 'n man, waarom het 'n mens ekstra woorde nodig?), wees versigtig – u is besig met *cisgenderisme*. U beter ook nie dink dit is *natuurlik* en *normaal* vir iemand in 'n manlike liggaam om te dink dat hy 'n man is nie, want wanneer u dit doen, beoefen u nou *cisnormatiwiteit*. Hoe durf u dink énigiets – enige seksualiteit, enige verhouding tussen seks en geslag, enige soort gesinstruktuur – is *normaal*?

**"Normaal" as 'n instrument van onderdrukking?**

Vir 'n vlugtige blik op hoe

houdings teenoor normale seksualiteit en gesinstruktuur as euwels verdraai is, hoef 'n mens net te kyk na die *Black Lives Matter* beweging – glo dit of nie.

Die *Black Lives Matter*-beweging het wêreldwyd opslae gemaak na die tragiese dood van George Floyd en daarna was sommige mense wat daarin belanggestel het om die saak te ondersteun, ontsteld oor wat hulle op die organisasie se webblad *"About Us"* gevind het. Onder die opskrif *"What We Believe"*, het hulle opgemerk dat *Black Lives Matter* trots verklaar: "Ons is selfondersoekend en doen die werk wat nodig is om die cisgender-voorreg af te takel". "Ons ontwrig die Westerse voorgeskrewe intieme familiestruktuur," en "ons bevorder 'n *queer* bevestigende netwerk. Wanneer ons bymekaarkom, doen ons dit met die bedoeling om onsself te bevry van die stewige greep van heteronormatiewe denke".

Daardie bladsy was verwyder in die dae voor die V.S. presidentsverkiesing in 2020, maar die vraag het nie verdwyn nie: Wát het die poging om diskriminasie en geweld teen swart mense te beëindig, te doen met die transgender-ideologie? Waarom sou die ondersteuning van swart lewens afhang van stellings teen "heteronormatiwiteit" of tradisionele gesinstrukture?

Die antwoord is dat die aanklag teen alles wat normaal is suksesvol verweef is in byna elke poging om sosiale verandering te skep. Namate kritiese teoretici alle elemente van menslike verhoudings onredelik klassifiseer as uitdrukkings van gedwonge mag, enige poging om onregverdigheid aan te spreek moet op een of ander manier gekonnekteer word aan alle ander onregte – werklik óf waarneembaar. Wanneer geglo word dat daar 'n normale gesinstruktuur, 'n normale menslike seksualiteit en 'n normale begrip van seks en geslag is, word dit toenemend gelykgestel aan die handhawing van magstrukture wat ontwerp is om te verpletter en te onderdruk.

Aan vandag se selfaangestelde maatskaplike manipuleerders, wat glo dat familie die beste gevestig is in 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou, dat seks tussen daardie man en daardie vrou normale en natuurlike seksualiteit verteenwoordig en dat dit in werklikheid in alle gevalle moontlik *is* om 'n kind se geslag by geboorte te identifiseer, is om uself in die kategorie te plaas van fasciste soos Mussolini en Hitler of die aanhangers van die Ku Klux Klan. Die veronderstelling dat iemand se geslag gebaseer is op hulle voorkoms, word bestempel as 'n daad van onkunde op sy beste en geweld op die slegste. Wanneer 'n jong meisie geteister word deur gedagtes dat sy dalk transgender is en mens haar dan help om gemakliker te voel omdat sy 'n meisie is, is om die onvergeeflike sonde van "bekeringsterapie" te pleeg.

Dinge is al erg soos dit is, maar dit gaan nog baie erger raak.

**Kinders word geteiken**

Die aanslag teen normaliteit is 'n oorlog teen grense. Mense smag na seksuele "vryheid", ongebondenheid aan enige reëls, definisies, wette en selfs gevoelens van skaamte deur seksualiteit te definieer wat uitsluitlik op individuele begeertes gebaseer is. Grense moet dus afgebreek word – die grense wat seks binne die huwelik hou, moet wegval, die grense wat die huwelik definieer as tussen een man en een vrou moet wegval en die grense wat verskille tussen geslagte definieer, moet ook vernietig word.

Onder die finale grense wat nog oorbly en wat een van die finale terreine is wat nog deur die aanslag teen normaal verower moet word, is die ouderdomsgrens. Baie mense beskou die kinderjare steeds as 'n tyd vir beskerming teen die invalle van moderne seksuele "vryheid". Selfaangestelde maatskaplike en akademiese meerderes meen dat hierdie grens ook afgebreek moet word. Ontstellende tekens dui daarop dat dit inderdaad besig is om vernietig te word.

Neem in ag die stroom van seksuele inhoud wat in skoolbiblioteke beskikbaar is. Die *American Library Association* het bevind dat agt van die top tien boeke in skoolbiblioteke, waarteen die meeste mense uitgevaar het in 2021, was weens die seksueel eksplisiete aard daarvan. Die boek waarteen die meeste beswaar gemaak is – wat ons nie sal noem nie, as gevolg van die risiko om dit per ongeluk te bevorder – bevat voorstellings wat enige redelike persoon as pornografies en

onwelvoeglik sou beskou. Enige onderwyser wat so 'n boek met 'n kind sou deel sou nie lank gelede nie, as 'n pedofiel, 'n rower en 'n seksuele "*groomer*" bestempel gewees het wat probeer om kinders fisies voor te berei vir seksuele aktiwiteit en daardie onderwyser sou dan gedissiplineer of afgedank word.

Dit was egter voordat die volgehoue aftakeling teen normaliteit intensief toegeneem het. In die hedendaagse samelewing is die skrywer van hierdie spesifieke boek met 'n onderhoud deur die *Time* tydskrif vereer – met opgemaakte voornaamwoorde en al. Om die boek se plasing in skoolbiblioteke teen te staan, brandmerk 'n persoon as "skynheilig", "homofobies" of "trans-fobies".

Dink ook oor die verskynsel – wat 'n mens se verstand te bowe gaan – van die *Drag Queen Story Hour*, wat *Tomorrow's World/Wêreld van Môre* se hoofredakteur, Gerald E. Weston, gedek het in sy September-Oktober 2019-artikel, "Ongelukkig vir altyd daarna?" Vir diegene wat geseënd is om *nie* daarmee vertroud te wees nie, behels *Drag Queen Story Hour* die volgende: Mans wat soos vroue aantrek – dikwels in oordrewe en soms seksueel suggestiewe kleredrag – wat vir kinders uit boeke voorlees in plekke waar hulle toegang kan kry. Die uitermatige, skokkende aard van *Drag Queen Story Hour* is presies hulle doel. Indien dit regtig gegaan het daaroor om geletterdheid onder jong kinders te bevorder in 'n omgewing wat gesonde verhoudings oor diversiteit voorstaan, sou enige aantal vrywillige lesers kon dien.

Die feit dat *"drag"* 'n noodsaaklikheid is by hierdie gebeure, openbaar dat die onderliggende doel van *Drag Queen Story Hour* is om kinders te oortuig dat hulle geslags- en seksuele grense opsy kan skuif en die perversiteit van *"drag"*-optrede as normaal aanvaar. Om die twee uiterstes naas mekaar te stel – die onskuldige onervarenheid van kinders en die perversiteit van mans wat vroue op vreemde en oordrewe maniere naboots – is bedoel om seksuele en geslagsgrense in kinders se ontvanklike gedagtes te laat vervaag sodat hulle grootword met 'n begrip dat alles net so "normaal" soos enigiets anders is.

Sulke doelwitte word hoofsaaklik deur diegene erken wat by hierdie geleenthede betrokke is. In die akademiese joernaal *Curriculum Inquiry* (2021, vol. 50, uitgawe 5), het Harper Keenan, navorser van kritiese opvoedkunde en 'n *drag queen* [fopdosser] bekend as "*Lil Miss Hot Mess*" saamgewerk aan 'n referaat met die titel "*Drag pedagogy: The playful practice of queer imagination in early childhood*". In hierdie referaat, wat diegene aanspreek wat bekommerd is dat die inherente "gewaagde aard" van *drag*-optredes by hierdie geleenthede "gesuiwer" is, verduidelik hulle dat *Drag Queen Story Hour* "minder van 'n suiweringsmetode is as wat dit 'n voorbereidende inleiding tot *alternatiewe maniere van verwantskap* is" (beklemtoning ons eie).

Hulle verseker ons dat die omgekeerde, seksueel "gewaagde" en perverse waardes wat in die *drag*-aanbieding vertoon word, nie afgewater word nie. Dit is eerder die einste instrumente wat gebruik word om die denke te verander van die kinders wat onskuldig deelneem – om hulle te *leer* dat *daar geen seksuele of geslagsgrense is nie en dat niks normaal is nie.* So 'n benadering sou help om te verduidelik waarom die poging so vinnig uitgebrei het na sogenaamde "gesinsvriendelike" optredes by *drag*-kroeë waar kinders geld aan kunstenaars gee net soos wat kliënte by 'n ontkleeklub doen. Daarom is daar geleenthede en televisieprogramme waarin kinders self aangemoedig word om in *drag*-aanbiedings op te tree.

Die doel is nie bloot net "aanvaarding" nie en dit was ook nooit die geval nie. Dit was om kinders te programmeer om te vergeet wat normaal is en 'n samelewing sonder geslags- of seksuele grense te aanvaar. Soos die skrywers van die *Curriculum Inquiry* referaat opmerk: "Terwyl *"drag"* sekere byeenkomste het, het dit uiteindelik geen reëls nie – die kenmerkende kwaliteit daarvan is dikwels om soveel reëls as moontlik te oortree"!

Die huidige druk om kinders seksueel bewus te maak herinner ons aan koning Salomo se waarneming dat daar werklik "niks nuuts onder die son [is] nie" (Prediker 1:9)

*Vervolg op bladsy 21*

# Die beste wat 'n man kan doen

## Deur Rod McNair

Nie lank gelede nie, het ek my dogter se kollege opening-seremonie bygewoon. Dit was 'n opwindende dag vir studente wat baie hard gewerk het om hulle studies te voltooi en dit was bemoedigend om te dink aan die harde werk en vasberadenheid wat dit van elkeen van daardie gegradueerdes geverg het om net daar te wees.

Die afskeidsrede is gelewer deur 'n jong man wat 'n merkwaardige verhaal vertel het van uitdagings en struikelblokke wat hy moes oorkom. Dit was nogal aandoenlik. Hy was daar saam met sy vrou en sy jong dogter en ek kon nie help om hierdie man te bewonder vir wat hy reeds in sy lewe bereik het nie.

Teen die einde van sy toespraak het hy gepraat van die vrouens in sy lewe – sy moeder, sy dogter, sy vrou – hoe belangrik hulle vir hom was. Daarna het sy toespraak egter 'n verbysterende wending geneem. Hy het die manne in die gehoor toegespreek en gesê: "Regtigwaar, die beste ding wat ons vir die vroue in ons lewens kan doen, is net om uit die pad te kom".

Ek het by myself gedink, *Nou toe nou! wat 'n skokkende stelling!* Van enige raad wat hy aan 'n generasie jong manne kan gee, is dít nou die beste advies wat hy kon aanbied? Ek het aan die duisende manne in die gehoor gedink en myself afgevra: *Gaan dit hulle inspireer om groot drome te droom, om leiers van die samelewing te wees en daarna te streef om te dien en van hulleself aan hulle gesinne te gee*?

Ek het my kop geskud en van daardie toespraak af weggestap. Nie omdat ek daarteen is dat mans leer om die vroue in hulle lewens te eer, te respekteer en te bewonder en om hulle die ondersteuning en die ruimte te gee om hulle heel beste te wees nie – nee, net die teenoorgestelde. Ek was eerder teleurgesteld dat die geleentheid verby gegaan het om beide mans en vrouens daarop te wys dat hulle mekaar kan *help*. 'n Huweliksvennootskap verg spanwerk en opoffering van die man sowel as die vrou.

Wat *is* dus die beste wat 'n man kan doen? Die antwoord kan gevind word deur om 'n man se ware doel te verstaan – daardie doel word in die Bybel geopenbaar.

God het mans gemaak om manne te wees. Hy het vroue gemaak om vrouens te wees. Hy het ons in gesinne geplaas en – vir baie van ons – in huwelike. Hy het mans instruksies gegee oor hoe om hulle verhoudings te laat werk. Wat is dus die beste wat 'n man kan doen om sy Godgegewe potensiaal te bereik? In hierdie kort artikel sal ons drie belangrike punte oorweeg.

### Punt een: Wees lief vir u vrou en respekteer haar

U mag sê: "Elke getroude man weet dat hy dit behoort te doen". Wag en dink net eers vir 'n oomblik. Wanneer ons rondkyk en soveel ongelukkige huwelike en egskeidings sien, word daar dalk nie oor die algemeen na so 'n liefde gestreef as wat sommige mense dalk mag aanneem nie. Heel moontlik verstaan ons nie behoorlik wat dit beteken om ons vrouens lief te hê en te respekteer nie. Dit is 'n belangrike onderwerp vir getroude mans, sowel as vir diegene wat nog nie getroud is nie, wat een of ander tyd in die toekoms die gelukkigste huwelik moontlik wil hê.

Let op na die statistieke. In die Verenigde State het huwelike wat in die 1950's voltrek is 'n 25 persent waarskynlikheid gehad om binne 25 jaar beëindig te word: Huwelike wat in die 1970's voltrek is, het 'n 50 persent waarskynlikheid gehad om binne dieselfde tyd beëindig te word. Dit is 'n Amerikaanse tragedie.

Dit is egter nie net in die Verenigde State waar soveel huwelike misluk nie. 'n Soortgelyke tendens kom in baie ander nasies voor. In Engeland en Wallis het byvoorbeeld 35 persent van alle huwelike wat in die jaar 2000 voltrek is reeds in 2017 in mislukkings geëindig. Dit is nie nét 'n Amerikaanse probleem nie en ook nie nét in die Britse Eilande nie. *Psychology Today* het inderdaad in 2019 berig dat tussen 1970 en 2008 die egskeidingsyfer

*regoor die wêreld* meer as verdubbel het. Die tema van die artikel was getiteld: *"Egskeidingsyfers regoor die wêreld*: *'n liefdesverhaal"*, maar dit is die verhaal van *gebrok*e liefde, 'n pynlike en hartverskeurende ramp.

Wat is dus fout met hedendaagse huwelike? Heel moontlik weet mans nie wat "wees lief vir u vrou" regtig beteken nie. Baie van hulle het die feit nie raakgesien dat die Bybel praktiese en duidelike voorskrifte aan mans gee oor liefde en die huwelik nie. Let op wat die apostel Paulus geskryf het: "So behoort die mans hul eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit" (Efésiërs 5:28-29).

Paulus sê dat indien u getroud is, is dit nodig dat u u vrou behandel soos u self behandel wil word. Praat met haar. Wees bewus van haar behoeftes. Wees geduldig en bedagsaam selfs wanneer sy moedeloos of ontsteld is. Dit is wat liefde is. Dit is nie net 'n verbygaande gevoel of romantiese begrip nie; dit is 'n verbintenis om vir 'n ander mens om te gee soos wat u vir uself sou sorg – in goeie of in slegte tye. Dit word weerspieël in die apostel Petrus se soortgelyke opdrag: "Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is – sodat julle gebede nie verhinder mag word nie" (1 Petrus 3:7).

**Beskerm die swakkere geslag**

Sommige mense mag dalk met Petrus 'n probleem hê omdat hy sê dat vroue die swakkere geslag is, maar dit is regtig nie moeilik om te verstaan nie. Gedurende 2022 het die wêreld van mededingende swem hierdie eenvoudige feit erken in reaksie op 'n man wat as 'n *transgender* "vrou" in universiteitsbyeenkomste begin deelneem het en in die proses het hy van 'n middelmatige manlike mededinger gevorder tot 'n rekordbreker in dames se byeenkomste. Die "*World Swimming Coaches Association*" het in sy beleid bepaal dat *transgender* "vroue" nie teen vroulike swemmers mag meeding nie en het gesê wat voor die hand liggend behoort te wees: "Die gemiddelde verskille in krag, stamina en liggaamsbou tussen die geslagte is beduidend" (*"Position Statement on Transgender Swimming" WSCACoach.org*). Daar is natuurlik uitsonderings, maar oor die algemeen is dit die waarheid.

Waarom het God dus mans geskep om groter en sterker te wees? Om vroue te oorheers? Om hulle fisies of emosioneel te onderdruk? *Nee*, dit was eerder God se bedoeling dat 'n man leer om die vrou aan wie hy sy lewe toegewy het te versorg, aan te moedig en te beskerm.

Sulke verbintenisse was voorheen in die Westerse beskawing as vanselfsprekend aanvaar. "Vrouens en kinders eerste!" het die ongeskrewe maar vaste reël in rampe op see geword. Hierdie beleid word die *"Birkenhead Dril"* genoem na aanleiding van die bekende toepassing daarvan toe die *Royal Navy* se koninklike skip, die *HMS Birkenhead*, gesink het en ontruim moes word waartydens die skip se kaptein daarop aangedring het dat plekke op die reddingsbote eerste aan die vroue en kinders aan boord, gegee word.

Dit was ook die geval toe die *RMS Titanic* gesink het en baie mans hulle plekke op reddingsbote aan hulle vrouens en kinders afgestaan het en in die ysige water van die Noord-Atlantiese Oseaan gesterf. Dit is maklik om te wonder of ons as 'n samelewing die punt bereik het waar vandag se mans geen sin vir verantwoordelikheid voel om vroue in 'n noodgeval soos dié te beskerm nie. Is dít wie ons is?

Waar moet mans dan die waardes vind wat hulle leer om opofferings te maak – soos om 'n plek in 'n reddingsboot prys te gee – sowel as om getrou en toegewyd te bly wanneer hulle vrouens vertroosting en versorging nodig het? Die antwoord word gevind in 'n tweede uitdaging vir mans om hulle rol na die beste van hulle vermoëns te vervul?.

**Punt Twee: Vrees God en bewaar Sy Gebooie**

Daar het ongeveer 3,000 jaar gelede 'n baie wyse koning geleef. Sy reputasie vir wysheid het trouens wyd en syd versprei. Daar is baie van sy leringe in die Bybel bewaar. Sy naam was Salomo en hy het hierdie eenvoudige en kragtige raad gegee: "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en

hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense" (Prediker 12:13).

"Mens" beteken hier "mensdom" – mans sowel as vrouens – die hele mensdom. Laat ons net vir 'n oomblik vra wat sou gebeur indien elke *mens/man* vandag so sou optree. Hoe sou hulle optrede die wêreld vir vroue verander?

Indien alle mense God gevrees het, sou daar in die eerste plek geen misdaad gewees het nie. Daar sou geen huishoudelike geweld wees nie. Vroue sou in 'n donker en verlate stegie kon afstap sonder om te vrees vir geweld.

Ons behoort te verstaan dat "vrees God" nie van ons verwag om verskrik of bang vir Hom te wees nie. Hy wil eenvoudig hê dat ons Sy ontsagwekkende krag en wysheid erken en aan Hom die gehoorsaamheid sal gee, nie net omdat Hy dit verdien nie, maar ook om ons veilig en beskerm te hou. Ons behoort te verstaan dat Hy, as ons Skepper, ons beter ken as wat ons onsself ken. Hy weet wat ons nodig het en wat ons op die lange duur werklik gelukkig sal maak.

Wat van die "Gebooie" wat Hy ons vra om te onderhou? Dit is die Tien Gebooie soos ons dit vind in die Ou Testamentiese boeke, Exodus en Deuteronómium. Alhoewel daar dikwels in die hedendaagse lewe negatiewe betekenisse aan die Gebooie geheg word wat die foutiewe wanpersepsie laat ontstaan dat dit vanaf 'n ongevoelige, veeleisende, gebiedende God kom wat liefdeloos en ongevoelig is, is die waarheid egter dat dit ons leer hoe om *lief* te hê. Dink aan die eenvoud van die sewende Gebod: "Jy mag nie egbreek nie" (Exodus 20:14).

"Owerspel" is 'n woord wat ons nie gereeld in vandag se samelewing hoor nie, alhoewel die praktyk daarvan baie algemeen voorkom. Dit beteken bloot om seksuele verhoudings te hê met iemand met wie u nie getroud is nie. Indien mans hierdie eenvoudige opdrag met die nodige erns opneem as wat dit verdien, sou vroue veilig wees in die wete dat hulle huwelike veilig sou wees.

**Jesus het die Gebod uitgebrei**

Daar is 'n verdere stap, soos dit deur Jesus Christus geleer word, wat verduidelik dat daar benewens fisiese owerspel ook owerspel van die hart is: "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" (Matthéüs 5:27).

Pornografie is 'n vloek in ons Westerse nasies. Dit is nie nét 'n vloek vir mans nie – vrouens raak ook daaraan verslaaf. By die Amerikaanse Sosiologiese Vereniging se jaarvergadering in 2016 het sosioloë hulle kollegas verbaas met die navorsing wat gedokumenteer is dat terwyl mans wat pornografie kyk hulle kanse op egskeiding verdubbel het, vroue wat pornografie kyk se kanse op egskeiding verdriedubbel het ("*Divorce rates double when people start watching porn*," *Science.org*, 2016). Hierdie bevinding herinner ons aan die bevindings van die *American Academy of Matrimonial Lawyers*, wat tydens 'n vergadering in 2002 bevind het dat 'n "'obsessiewe belangstelling in Internet-pornografie' 'n beduidende faktor was in 56 persent van hulle egskeidingsake die vorige jaar" ("*National Review: Getting Serious on Pornography*," *NPR.org*, 2010).

Wag 'n oomblik en deurdink hierdie onderwerp. Wat sou gebeur indien mans van jongs af geleer word dat dit nie net verkeerd is om hoerery en egbreuk te pleeg nie, maar dat dit selfs verkeerd is om wellustige gedagtes teenoor 'n vrou te koester? Wat sou gebeur indien ons kultuur ouers se pogings sou ondersteun om hulle kinders te beskerm teen onvanpaste beelde in die media, in rolprente en op die Internet? Wat 'n ander wêreld sou dit nie wees nie.

Manne, terwyl u hierdie artikel lees, dink oor u verhoudings. Indien u 'n probleem met pornografie ervaar, kry asseblief hulp. U kan en *moet* dit oorkom. Pornografie is sonde – sonde vernietig vertroue. Sonde skeur huwelike uitmekaar. Ja, God vergewe beslis en Hy *sal* vergewe – indien ons ons bekeer en vergifnis vra. Ons moet egter eers erken dat ons gesondig het en ons moet 'n innige begeerte hê om dit met die hulp van God te oorkom.

Kom ons streef as mans daarna om meer te doen as om net "uit die pad te kom" van die vroue in ons lewens. Wat daarvan om ons lewe aan God te wy? Wat

daarvan om ons te onderwerp daaraan om Sy Wette te onderhou, sodat ons vrouens en ons gesinne geseën sal word? Indien ons dit doen, sal ons verhoudings positief ontwikkel. Die vroue in ons lewens sal meer vertroue in ons kry. Óns sal gelukkiger wees en húlle sal gelukkiger wees. Wanneer mans leer om hulle rol na die beste van hulle vermoëns te vervul, sal vroue net soveel die vrugte pluk as hulle mans.

'n Paar jaar gelede het 'n bekende maatskappy vir manlike velsorgprodukte 'n storm ontketen met 'n advertensieveldtog met die titel: *"The Best a Man Can Be"*. Die bedoeling was_dat die meeste mans boelies is wat sagter behoort te word. Ons het egter agtergekom wat régtig nodig is, is dat mans sterker word in die waardes wat werklik hulle verhoudings met vroue ondersteun – nie dat hulle boelies of bespotlik gemaak word nie, maar dat hulle die beste verpersoonliking wat God wil hê ons moet wees, sal onwikkel. Dit bring ons by 'n derde belangrike sleutel om ons rol na die beste van ons vermoëns te vervul?

**Punt drie: Verbind u daaraan om soos Christus te word**

Tweeduisend jaar gelede was daar 'n man met die naam Jesus wat hierdie aarde bewandel het en Christus genoem is. Baie mense in ons wêreldse, humanistiese kultuur van vandag wil nie van Hom hoor nie, maar Hy was die verpersoonliking van opregte en ware manlikheid. Hy was die standaard. Trouens, Hy was God in die vlees. Hy was vir alle ewigheid by die troon van die Vader en Hy het Homself van sy Goddelikheid ontledig. Paulus skryf van Jesus Christus: "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis" (Filippense 2:6-8).

Hy was by die troon van God, by die Vader. Hy het dit vir ons onthalwe prysgegee – deur vlees en bloed te word, om saam met ons te wandel. Hy het Homself verootmoedig.

Hy was egter nie 'n swakkeling nie. Daar is 'n algemene wanopvatting van Jesus Christus as 'n soort vroulike individu wat sag en swak was. Miskien is dit omdat baie prente Hom so uitbeeld. Dink egter daaraan dat Hy 'n skrynwerker was. Hy was 'n bouer. Destyds was daar geen kraggereedskap nie. Sy hande was sterk en gewoond aan werk.

Weereens, die feit dat Jesus Christus opreg na ander mense se belange omgesien het, het *nie* van Hom 'n swakkeling gemaak nie. Trouens, hier is 'n voorbeeld van die tipe mens wat Hy was: "EN Jesus het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi" (Matthéüs 21:12).

Jesus Christus was nie 'n boelie nie – maar Hy was ook nie bang om ferm op te tree wanneer dit nodig was nie. Die tempel was die huis van God. Nadat Hy bedrieërs daar gevind het wat die mense uitbuit en bedrieg, het Hy hulle uitgejaag. Let op wat Paulus aan die broers in Éfese geskryf het: "... totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (Efésiërs 4:13).

Indien u 'n man is wat omgee vir u gesin en u vrou, is u daartoe verbind om soos Christus te word. Indien u 'n verskil in u samelewing wil maak en iets tot stand wil bring wat die moeite werd is, word dan soos Christus. Indien u 'n sterk en bestendige voorbeeld wil stel vir ander om te volg, *word soos Christus*. Hy is ons standaard om na te volg. Hy is die maatstaf. Hy gee die pas aan. Wat ons, veral vrouens, in hierdie wêreld nodig het, is mans soos Christus.

**Respekteer vroue soos wat Jesus gedoen het**

Ons vind een van die aangrypendste en kragtigste gedeeltes in die Bybel aan die einde van Christus se lewe:

> "En by die kruis van Jesus het gestaan sy moeder en sy moeder se suster, Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdaléna. En toe Jesus sy moeder sien en die dissipel

wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir sy moeder: Vrou, dáár is u seun! Daarop sê Hy vir die dissipel: Dáár is jou moeder! En van daardie uur af het die dissipel haar in sy huis geneem" (Johannes 19:25-27).

Jesus het die hele wêreld liefgehad – elke mens. Dit is waarom Hy Sy lewe gegee het. Die rede waarom Hy mense toegelaat het om Hom dood te maak was sodat ek en u 'n ontsnappingsroete uit sonde kan hê.

Terwyl Jesus daar aan die kruis gehang het, het Hy in Sy laaste oomblikke nie die vrou vergeet wat aan Hom geboorte gegee en Hom grootgemaak het nie. Hy het voordat Hy gesterf het seker gemaak dat Sy moeder versorg sou word – 'n laaste daad van 'n dinamiese, kragtige, man wat omgee.

Moenie toegee aan die hedendaagse siniese mening nie – die idee dat die Bybel vroue minderwaardig ag en mans aansê om dit te doen nie. Niks kan verder van die waarheid wees nie. Die Bybel hou die manne aanspreeklik om vroue goed te behandel en daag die mans uit om dit met God se hulp te doen. Indien u 'n man is, dink aan u lewe. Dink daaraan hoe u ander mense behandel. Dink daaraan hoe is u verhouding en interaksie met vroue – veral u vrou, indien u getroud is. Voldoen u aan die standaard van Jesus Christus? Indien u 'n vader van jong seuns is, is dit u verantwoordelikheid om elkeen van hulle te leer hoe om 'n ware man te wees – nie net 'n oordrewe vleispaleis van 'n filmheld nie, maar 'n *opregte* man soos Jesus Christus. Ons moet ons seuns leer om vroue te eer en te respekteer, nie net "uit hulle pad uit te kom nie".

Indien u 'n vrou is? Wat van die mans in u lewe? Ingeval u 'n man het, respekteer hom. Waardeer hom. Waardeer wat hy vir u doen. Sê vir hom u is dankbaar vir dit wat hy vir u opoffer. Maak u seuns groot om self dapper en getroue mans te wees wat vroue respekteer en hulle eie manlikheid waardeer.

Ons leef in moeilike tye. God is egter op die uitkyk vir mans en vrouens wat uitdagings die hoof kan bied. Ons lees: "... want die HERE – sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is" (2 Kronieke 16:9).

Manne, om uit die pad te kom is nie die antwoord nie. Dit verdoesel eerder die belangrike punt: Ons moet ophou om volgens Satan se manier te leef en liewer volgens Christus se voorbeeld te leef om sodoende te word wat God wil hê ons moet wees, ter wille van die vroue in ons lewens. WvM

***Vervolg vanaf bladsy 7 – Beantwoord die groot vraag***

van die DNA-molekule, skryf byvoorbeeld in sy boek, The Astonishing Hypothesis: The Scientific Search for the Soul, "Die verbasende veronderstelling is dat 'u' u vreugdes en u hartseer, u herinneringe en ambisies, u sin van persoonlike identiteit en vrye wil, in werklikheid niks meer is as net die gedrag van 'n groot samestelling van senuweeselle en hulle geassosieerde molekules nie". Carl Sagan het eenmaal gesê: "Die kosmos is al wat daar is of was of ooit sal wees".

Sulke "kundiges" kom nie met werklike antwoorde vorendag nie.

Daar is net een Bron wat verduidelik waarom ek en u asemhaal. Die antwoorde waarna die mensdom soek, word in die bladsye van die Bybel gevind. Indien u regtig wil weet, daag uself uit en delf persoonlik in die Woord van God. Om u hiermee te help, kan u gerus ons gratis Bybelstudiekursus aanvra of u kan aanlyn inskryf en dit doen by wvm.co.za. WvM

***Vervolg vanaf bladsy 20 – Daar is 'n doel met die pyn.***

lewe en dood en 'n oorsig van die wonderlike beloftes wat die hoop van elke Christen is, bestel 'n gratis eksemplaar van ons boekie: *Wat is die betekenis van die lewe*? of lees dit aanlyn by wvm.org. Dit is heeltemal gratis, maar die inligting is van onskatbare waarde. WvM

# VIND VREUGDE
# Daar is 'n doel met die pyn.

**Deur J. Davy Crockett III**

Ek het 'n ruk gelede 'n ou vriend besoek wat met 'n ernstige gesondheidsprobleem gesukkel het. Daar was op 'n stadium 'n mate van verbetering maar hy het later die verpletterende nuus verneem dat sy toestand 'n negatiewe wending geneem het. Wat na goeie behandeling gelyk het, was toe baie minder doeltreffend as wat verwag is. Op daardie stadium was die prognose nie goed nie.

Dit was teleurstellende nuus – werklik 'n harde slag. Dit was die soort nuus wat 'n mens hoop om nóóit te hoor nie, maar wat tog dikwels ontvang word, veral in hierdie tyd van soveel gesondheidskrisisse vir mense van alle ouderdomme. Met moderne mediese uitvindings word wonderlike dinge deesdae vermag. Die wrede feit is egter dat daar verskriklike terminale siektes is wat die lewens van baie mense kortknip. Dit is die wrede werklikheid, maar wanneer dit iemand is met wie ons 'n hegte verhouding het en baie lief het, is dit verpletterende nuus wat ons tot God laat uitroep vir Sy ingryping en genade. Dit laat ons worstel met die vrae van *waarom*? *Waarom hierdie persoon*? *Waarom nou*? Dit is vrae wat individue en gesinne vir baie jare lank al vra wanneer onverwagte, lewensgevaarlike situasies voorkom. Ons weet dat God genees – tog weerhou Hy Hom soms daarvan.

Dit is baie ontnugterend om te dink dat 'n mens se lewe kortgeknip word of die vooruitsig van langdurige lyding totdat die dood verlossing bring. Dit veroorsaak angs en spanning. Daar is soveel besonderhede om aandag aan te gee, soveel onvervulde verantwoordelikhede, soveel avonture wat nie gerealiseer het nie.

In hierdie situasie, met die besef dat tyd beperk is, verander 'n persoon se prioriteite skielik. Wat voorheen belangrik was, mag skielik só onbelangrik wees. Onnodige aktiwiteite word opsy geskuif en noodsaaklike dinge kom skielik na vore. Tyd gaan verlore terwyl mens konsentreer op mediese besoeke, behandelings en terapiesessies. Frustrerende, aftakelende, irriterende, maar vereiste aktiwiteite neem die dae en nagte in beslag. Energie neem af. Belangstellings vervaag.

Dit is 'n pynlike deel van die menslike toestand. In die boek van Job word hierdie ontnugterende maar realistiese evaluasie van die menslike ervaring gevind: "DIE mens uit 'n vrou gebore, is kort van dae en sat van onrus. Hy spruit uit soos 'n blom en verwelk; ook vlug hy soos 'n skaduwee en hou nie stand nie" (Job 14:1-2). Die apostel Paulus het op 'n welsprekende wyse lyding in perspektief geplaas: "In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie ... DAAROM gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe" (2 Korinthiërs 4:8, 16).

**Bly hoop en hou moed**

Daar word egter dikwels in die Skrif na "hoop" verwys. God het 'n groot plan van verlossing vir diegene wat Sy Koninkryk en Sy geregtigheid soek en wat tot die einde oorwin. Hulle word die ewige lewe beloof en hulle sal onder Jesus Christus as konings en priesters in die Koninkryk van God regeer.

Terwyl terminale siektes en ander menslike tragedies wel voorkom, kan Christene uitsien na die belofte wat in Openbaring 21:3-4 gevind word: "En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."

Dit is waarom Jakobus, die broer van Christus, kon sê: "AG dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val" (Jakobus 1:2).

Vir meer inligting oor 'n goddelike perspektief van

*Vervolg op bladsy 19*

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Die aanslag teen die term “normaal”*

en die aanval op die samelewing se seksuele grense tussen kinders en volwassenes dateer terug na die filosowe en akademici wie se idees die grondslag van vandag se *queer*-teorie is. In 1977 het “verligtes” soos Paul-Michel Foucault, Jean-Paul Sartre en Jacques Derrida die bekende petisie aan die Franse regering onderteken om volwassenes toe te laat om met “wedersydse toestemming” deel te neem aan seksuele verhoudings met kinders. Hulle het geëis dat Franse wetgewing, “die reg van kinders en adolessente behoort te erken om verhoudings te hê met wie hulle wil”.

Gemotiveer deur die gees van daardie tyd – voordat dit tydelik in onguns geraak het – het die Franse skrywer Tony Duvert, in die openbaar ten gunste van die “groot avontuur van pedofilie” geargumenteer en die “fascisme van moeders” bestraf. (Nee, om 'n mens se ideologiese opponente as “fasciste” te bestempel, is nie 'n hedendaagse verskynsel nie en ook nie 'n besonder kreatiewe een nie.) Terwyl hierdie geleerdes hulle tyd vooruit was, het hulle idees nie verdwyn nie en die tyd het hulle ingehaal. Terwyl hierdie ideologiese konflik voortwoed, word die voortdurende aanvalle teen die seksuele grense tussen kind en volwassene gemaak sonder selfs die *skyn* van subtiliteit.

Tony Duvert se *Diary of an Innocent*, wat geskryf is tydens die vrydenkende seksuele atmosfeer van die 1970's, eindig met die gevolgtrekking wat, soos dit deur sy Engelstalige uitgewer, *MIT Press beskryf is*, “'n fantasievolle dog streng konstruksie van 'n omgekeerde samelewing waarin grensgevalle van seksualiteit die norm geword het” – met ander woorde, vandag se samelewing. Om die minste te sê, ons selfverklaarde beterweters probeer hartstogtelik om rondom ons 'n samelewing te skep, terwyl hulle daaraan werk om die laaste oorblywende elemente van weerstand in hulle aanslag op normaal uit te wis.

**'n God van grense**

Die sosiale chaos wat geskep is deur die normalisering van perversiteit en die perversie van normaliteit, weerspieël *nie* die gedagtes van die Almagtige God, die Skepper van menslike lewe, wat die instelling van die huwelik as die grondslag van die gesin gevestig het nie. Die heel eerste bladsye van die Skrif, waarin ons aan ons Skepper voorgestel word, is trouens voldoende om lig te werp op wat Hy dink van grensvernietigende chaos, want dit is presies wat hulle illustreer – dat Hy chaos hanteer deur grense *te skep*.

Die openingsgedeelte van Génesis beskryf 'n chaotiese wêreld: “En die aarde was woes en leeg” (Génesis 1:2). 'n Wêreld “woes en leeg” – sonder leidrade van onderskeie vorms en ideale – is presies die soort samelewing wat vandag se maatskaplike manupileerders probeer skep. (Waarom die wêreld in so 'n toestand was, word uiteengesit in ons boekie: *Evolution and Creation: What Both Sides Miss*, wat slegs in Engels beskikbaar is by enige streekkantoor. Besonderhede verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif.)

In daardie omgewing het die Skepper orde in die chaos geskep deur duidelike grense daar te stel. Hy het skeiding gemaak tussen lig en duisternis (Génesis 1:4). “God het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is” (vers 7). “God het die droë grond aarde genoem, en die versameling van die waters het Hy see genoem” (vers 10). Met die skep van lewe op land het Hy 'n duidelike grens tussen die diere en die mensdom vasgestel – mense is geskape wesens, maar tog uniek volgens die vorm van God se eie beeld (Génesis 1:25-26). Hy het mense as twee geslagte geskep: manlik en vroulik (vers 27).

Génesis 1:31: “Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed.” Ons geniet vandag die goedheid van daardie ordelikheid. Ons kyk op na die hemel en geniet die verskeidenheid wolke in die lug – die “waters wat bo die uitspansel is” – soos 'n uitgestrekte luglandskap wat oor die aarde hang. Ons kyk na die see en verwonder ons aan die verskillende vorms van die natuurlewe onder die golwe. Afgesonder van lug en see, verskaf die land die fondament waarop ons leef en baie van die kos wat ons eet, asook verskillende vergesigte van skoonheid en prag.

Ons verlustig onsself ook in die verskil tussen die mensdom en diere. Selfs terwyl ons samelewing in waansin op hierdie pad voortgaan om diere wettige “regte” te gee asof hulle mense is, in plaas daarvan om bloot die menslike verpligting te erken naamlik om diere menslik te behandel (Deuteronómium 25:4; Spreuke 12:10). Ons erken steeds fundamenteel dat mense totaal verskillend is. Daardie begrip word verduidelik in elke bewering dat mense mekaar se Godgegewe waardigheid moet respekteer – 'n vlak van respek en kondisionering waaraan wolwe en haaie nooit sal kan voldoen nie. Daar is 'n rede waarom ons dit “menslik” noem om goedhartig te wees teenoor diere en uiterste geweld [deur mense gepleeg] “dierlik” te noem. Vir al ons wetlike, ideologiese skelmstreke verteenwoordig die grense wat God gestel het die werklikheid en diep in ons harte weet ons wel wat die verskil is.

Ten slotte is die verskil tussen man en vrou duidelik vir selfs die mees ongeërgde waarnemer. Hulle is verseker *nie* dieselfde nie en soos die ou spreekwoord sê, *vive la différence!*

Om die grense te aanvaar wat God self in die materie van die werklikheid ingeweef het, is nie *voldoende* om net 'n ordelike, vreedsame, gesonde samelewing te skep nie, maar dit is 'n noodsaaklike eerste stap. Die vestiging van daardie grense is dus ook die eerste stap wat God self geneem het om ons wêreld te skep. Om daardie grense te aanvaar beteken om te erken dat sommige dinge normaal is en ander dinge is eenvoudig net nie normaal nie.

**'n Ware nuwe normaal**

Op die ou einde is dit baie ironies dat so 'n groot deel van die samelewing só 'n driftige stryd voer teen wat normaal is, want Jesus Christus self is van voorneme om die definisie van wat normaal is, fundamenteel reg te stel wanneer Hy 'n nuwe wêreld met Sy Wederkoms tot stand sal bring.

Selfs daardie “tradisionele” standaarde waaroor vandag se maatskaplike manupileerders uitvaar – soos Bybelse gesinne, die huwelik, seksualiteit en geslagsrolle – is besoedel en verontreinig in 'n samelewing wat nie werklik op God se leiding staatmaak nie. Sommige mense *het* probeer om Bybelse geslagsrolle te gebruik om vroue te onderdruk en hulle minder as 'n volwaardige mens te behandel. Selfs wanneer eggenotes en vaders in staat is om as die hoofsaaklike broodwinners en leiers van hulle gesinne op te tree, kom hulle werk te dikwels tussen hulle en hulle vrouens en kinders wat hulle oënskynlik dien. Hulle verdraai dus wat dit beteken om 'n gesin te lei. Lank voordat “alternatiewe” seksualiteit aanvaar en verheerlik is, het baie mans en vrouens seksuele verhoudings tussen 'n man en 'n vrou verdraai en verkeerd beoefen om onwettige perverse begeertes te bevredig – heeltemal verskillend van die ontwerp en voorneme van die Skepper.

Die Koninkryk wat Jesus sal vestig, sal nie soos die 1950's se Amerika lyk nie, ook nie soos die Judea van Jesus se tyd nie. Om terug te verlang na 'n beter verlede is geen plaasvervanger vir die volheid van verandering wat in Sy Evangelie vereis word nie en die lewe waartoe Christene geroep word, gaan alle verstand te bowe wat ooit in eeue deur die geskiedenis geleef is. Om God se lewenswyse te volg, vereis 'n algehele en totale verandering in hoe ons onsself, ons verhoudings en ons verpligtings sien: “Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes” (Jesaja 55:9).

Na Jesus se Wederkoms sal die wêreld leer wat familie, seksualiteit, verhoudings en die samelewing kan wees wanneer mense die oorspronklike ontwerp en bedoeling van die Skepper van menslike lewe volg. Die mensdom sal uiteindelik die seëninge wat sal volg verstaan waarom niemand ooit *God se normaal* vir iets minder sal wil verruil nie. WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Vrae & Antwoorde

## Is die Heilige Gees 'n Goddelike Wese?

**Vraag:** Ek lees al vir 'n geruime tyd u tydskrif en kyk na u TV-uitsendings. Ek het opgemerk dat u klaarblyklik nie oor die Heilige Gees as persoon praat nie. Waarom nie? Wat is die Heilige Gees, indien dit nie 'n derde persoon in 'n Goddelike drie-eenheid is

**Antwoord:** Die apostel Johannes verskaf insig oor die aard van God: "IN die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God" (Johannes 1:1). Wanneer ons enige vooropgestelde idees tersyde stel, sien ons hier twee Wesens. Johannes openbaar dat die Een wie bekend is as die Woord, Jesus Christus geword het (Johannes 1:14) en dit was deur Jesus dat alles gemaak is (Johannes 1:3; Kolossense 1:15-18). Die Heilige Gees word nooit genoem as deel van hierdie gesin nie.

Baie belydende Christene neem bloot aan dat die Bybel die Heilige Gees as 'n persoon aandui. Die skrywers van die Nuwe Testament het egter nié so 'n aanname gemaak nie. Ons merk op hoe hulle in verskeie van hulle sendbriewe begin met groete namens God die Vader en Jesus Christus (vgl. Romeine 1:7; 1 Korinthiërs 1:3; Jakobus 1:1; ens.). Indien die Heilige Gees 'n persoon soos die Vader en die Seun was, kan ons seker wees dat daardie persoon nie van daardie groete uitgesluit sou wees nie.

Hoe behoort ons dan Johannes 14:16-17 te verstaan, wat sê: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."

Die woord wat as "Trooster" vertaal is kom van die Griekse woord *parakletos*. In Grieks word aan die voornaamwoorde geslag toegeken (manlik, vroulik of geslagloos). Die geslag wat toegeken word aan die voornaamwoord weerspieël nié die werklike geslag van die voorwerp nie – 'n tafel is nie manlik of vroulik bloot as gevolg van die selfstandige naamwoord en lidwoord nie. Die selfstandige naamwoord *parakletos* is manlik en dus vind ons in die meeste Engelse vertalings die voornaamwoord daarvan as die manlike "hy" – alhoewel "dit" beide grammatikaal sowel as leerstellig aanvaarbaar sou wees.

**Nie 'n persoon nie, maar Sy krag**

Met die voornaamwoord "dit", lei sommige lesers nogtans af dat hierdie gedeelte oor 'n persoon praat. Hulle laat die algemene literêre gebruik bekend as *verpersoonliking*, waarin persoonlike of menslike eienskappe aan nie-menslike dinge toegeskryf word, buite rekening.

Doen die Bybel dit ooit? Die antwoord is 'n duidelike ja! Sien Spreuke 8:1-3: "ROEP die Wysheid nie, en verhef die Verstandigheid nie haar stem nie? Op die top van die hoogtes langs die weg, op die kruispunt van die paaie staan sy, aan die kant van die poorte by die uitgang van die stad, by die ingang van die deure roep sy hardop." Dink enigiemand nou dat wysheid 'n persoon is? Natuurlik nie, tensy "Wysheid" toevallig iemand se naam is.

Neem ook in ag dat die Skrif die Heilige Gees beskryf as dit wat uitgestort is (Handelinge 10:45) en as die krag van God (Lukas 1:35; Romeine 15:13). Dit word ook figuurlik beskryf as wind (Handelinge 2:2-4; Johannes 20:22) en water (Johannes 7:37-39). Dit sou vreemde beskrywings van 'n goddelike persoon wees, maar word op 'n baie natuurlike manier beskryf as die vloei van God se kragtige Gees.

Jesus het gesê dat Hy die Trooster sou stuur (Johannes 14:16-17) en Hy het toe die gedagte in

*Vervolg op bladsy 26*

# Wees bedag op u verstand

**Deur Jonathan McNair**

U het al gehoor dat gesê word: Dit is verskriklik om 'n verstand te vermors. Dink u egter ooit aan die verstand van God?

Hoe verwag u om onthou te word? Watter reputasie sou u wou nalaat? Babas dink net aan hulle eie behoeftes. Namate ons egter ons tienerjare bereik en ouer word, raak ons meer bekommerd oor wat ander mense van ons dink – dit is ook reg so. Ons lees: "Die seun laat hom alreeds aan sy handelinge ken, of sy handelwyse suiwer en of dit reg is" (Spreuke 20:11).

Ons reputasie word egter nie deur wense gebou nie. Dit word eerder deur ons dade en ons woorde tot stand gebring. Die besluite wat ons neem met betrekking tot wat ons doen en sê, waarvoor ons lag, hoe ons ons tyd deurbring en saam met wie ons dit spandeer reflekteer alles wié ons is. Deur wat word daardie besluite dan bepaal? Hoé neem ons besluite? Het ons enige beheer daaroor?

**Waarvolgens word u gedagtes gevorm?**

U het mense hoor sê: "Kom tot 'n besluit". U mag soms probeer om "iemand se opinie te verander". Hoe word opinies dus gevorm en hoe word besluite in die eerste plek "geneem"? Daar is drie basiese boustene daaraan verbonde. Die eerste een is kennis, die tweede een is ervaring en die derde een word gevorm uit ons emosies of gevoelens.

Namate ons liggame ná die babajare ontwikkel, verander ons ook op ander maniere as net die fisiese. Wanneer ons begin kruip, loop en dan hardloop, verander ons verstand ook. Ons leer van die wêreld om ons en hoe ons daarby inpas. Namate ons ouer word, word ons beïnvloed deur die mense rondom ons en hoe ons verstand "bedraad" word. Ons ouers sê vir ons dat die lug blou is en dat gras groen is en dit vorm die konsep van kleur in ons brein. Ons leer dat ons buurvrou honger is en haar werk verloor het en ons sien hoe ons ouers vir haar 'n sak kruideniersware gee – so leer ons die konsep van barmhartigheid.

Ouers wat hulle Godgegewe rol vervul, is die sleutel tot ons vroegste ontwikkeling. God weet dit: "Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie" (Spreuke 22:6). God wil hê dat ouers hulle kinders in die regte denkwyses sal lei deur hulle die beginsels van die lewe te leer; ons sien dat God die eertydse Israeliete beveel het om Sy weë aan hulle kinders te leer: "... en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deuteronómium 6:7).

Ouers is egter nie die enigste persone wat ons denkwyse beïnvloed nie. Van ons vroegste kinderjare af word ons beïnvloed deur vriende en maats, deur onderwysers en deur die media. Ons verstand gebruik die kennis wat ons uit hierdie verskillende bronne versamel om idees en indrukke te vorm wat ons help om ons wêreld en ons plek daarin te verstaan. Ons vergelyk wat ons hoor en lees met wat ons eerstehands ervaar.

Ons eet 'n suurlemoen en leer wat "suur" is. Ons verstaan van daar af hoe iets wat "suur" is sal smaak. 'n Ouer kan dalk sê: "Moenie aan die stoof raak nie, dit is warm!" Ons hoor die woorde en wanneer ons in elk geval instinktief genoodsaak voel om te eksperimenteer, sal die ervaring om aan 'n warm stoof te raak van daardie dag af in ons gedagtes ingebrand word!

Ons verstand word ook deur ons emosies gevorm. God het die vermoë in die mens se verstand geplaas om 'n reeks gevoelens te ervaar wat ons denke beïnvloed. Ons leer hoe dit voel om opgewonde, gefrustreerd, blymoedig en kwaad te wees. Ons leer om plesier te ervaar wanneer ons smaakknoppies deur roomys geprikkel word. Ons leer van woede wanneer iemand ons waardevolle besittings steel. Ons leer ook van hartseer wanneer ons van vriende en geliefdes geskei is. Al hierdie emosies – hoe ons dit in die daaglikse lewe toepas – het 'n

diepgaande invloed op ons geestelike ontwikkeling.

**Gee aandag aan u keuses**

Namate ons van jeug na volwassenheid vorder, ontwikkel ons al hoe meer om onafhanklik te wees. Ons begin om vir onsself te dink en ons eie besluite te neem. Ons besluit watter klere om elke dag te dra, hoe om ons tyd deur te bring en met watter vriende ons tyd wil spandeer. Daardie besluite weerspieël ons vermoë om feite, ervaring en selfs vorige emosies op huidige situasies toe te pas. Namate ons ouer word en ons ouers sien dat ons goeie oordeel kan uitoefen, ontwikkel hulle meer vertroue in ons en het hulle meer vrymoedigheid om ons al hoe meer onafhanklikheid en verantwoordelikheid te gee. Indien ouers hulle werk goed gedoen het en ons ontvanklik daarvoor was, sal ons volwassenheid na vore kom met ons verstand wat opgelei is om nuwe en ander situasies die hoof te bied.

Een belangrike les wat ons leer, is dat ons seker moet wees dat die gesag wat ons denke vorm, afkomstig is van diegene wat "eenders denkend" is en wat ons beste belange op die hart dra. Die profeet Amos het geskryf: "Sal twee met mekaar wandel tensy hulle *eers* afgespreek het?" (Amos 3:3).

Uiteindelik kom ons as volwassenes voor uitdagings te staan wat meer behels as watter klere om te dra of wat om in ons vrye tyd te doen. Ons neem besluite oor 'n loopbaan en 'n huwelik. Dit is vir ons nodig om besluite te neem oor ons fundamentele oortuigings betreffende God en die doel van menslike lewe. Ons kom te staan voor besluite oor die toepassing van God se Wet in ons daaglikse lewe. Die moontlikheid bestaan dat ons die belangrikheid daarvan oorweeg om 'n permanente verbintenis met God aan te gaan deur die doop. Hoe ons hierdie keuses hanteer, weerspieël uiteindelik die gesteldheid van ons verstand.

**Die denke van God**

Indien u begeer om God met begrip te dien en u voel dat u verstand oopgemaak word vir God se plan vir u, behoort u bewus te wees van die waarskynlikheid dat God u roep. So belangrik soos wat die menslike verstand in ons daaglikse lewens is, sal diegene wat deur God geroep is tot die besef kom dat sónder die Heilige Gees, die menslike verstand op sigself nie voldoende is om die uitdagings van 'n Christen se lewe die hoof te bied nie.

Vanaf die begin van die menslike geskiedenis het die mensdom herhaaldelik weer getoon dat die menslike verstand op sigself nie opgewasse is vir die uitdaging om vrede en voorspoed op aarde te bewerkstellig nie en in werklikheid in stryd is met God. Ons kan baie van die eenvoudige fisiese besluite wat nodig is om te maak self hanteer, maar vir die grootste uitdagings het ons absoluut die denkwyse van God nodig – wat aan ons geopenbaar word deur Sy Woord, die Bybel. Die verstand van God bring liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Galásiërs 5:22). Dit is alles eienskappe wat ware geluk en tevredenheid bring en dit is eienskappe van denke wat in harmonie met die verstand van God is. Hoe gouer ons verstand kan ontwikkel wat in harmonie met God se Woord is, hoe gouer sal ons 'n denkwyse ontwikkel wat tot 'n goeie lewe sal lei.

Wie u is en wat u doen, is 'n direkte resultaat van wat u in u denke toelaat. Watter kennis, ervarings en emosies vul *u* gedagtes? Lees en dink u oor God se woorde? Neem u besluite wat u die vreugde laat ervaar om volgens God se manier te leef? Vra u God om u gedagtes en gevoelens te lei of is u soos 'n marionet aan toutjies van die verbygaande menslike emosies wat hulle pad deur u gedagtes vind? Indien God u roep, wil Hy hê dat u Sy Heilige Gees sal hê om u gedagtes te help lei. Kontak een van ons streekkantore (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) en u sal ons verteenwoordigers vind wat gretig is om verder oor die doop en Christenskap te praat.

Kies om verstandig te wees ten opsigte van u verstand. WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Beantwoord die groot vraag

Deur Brian Pomicter

## Dit is dié vraag van ons lewe, maar waar kan ons die antwoord vind?

Jong kinders is van nature nuuskierig. Hulle kyk met verwondering na skilderagtige omgewings en word oorweldig deur die skoonheid en die verskeidenheid plant- en dierelewe wat hulle waarneem. Wat 'n kind sien, is onverwerk en nog nie volledig verwerk en gekategoriseer nie en maak dít wat hulle sien, nuut en opwindend.

Miskien flits 'n vae gedagte soms deur die kind se gedagtes. Wat beteken dit alles? Waarom bestaan al hierdie dinge? Vir kinders is dit egter van minder belang, want iets anders trek gou weer hulle aandag.

Namate individue besiger raak met die vereistes wat groot-word eis, oor hulle eie individualiteit en die samelewing leer, bestee hulle al minder tyd en energie aan die vraag "waarom?" Wat is die doel van hierdie of daardie ding se bestaan? Is daar enige oorheersende kosmiese verduideliking wat ons kan gee vir dít wat ons eens op 'n tyd instinktief wou weet maar nog nie die vermoë gehad het om uit te vind nie?

Victor Frankl het in sy boek *Man's Search for Meaning*, baie treffend gesê dat "die mens se grootste strewe nie is om plesier te vind nie of om pyn te vermy nie, maar eerder om die betekenis van sy lewe in te sien".

Nuttelose spekulasies van talle "kundiges" aangaande die betekenis van die lewe skep net meer verwarring as duidelikheid. Vertroue op filosofiese dooiepunte bied geen bevredigende, objektiewe antwoord op die vraag "waarom bestaan ons?" nie.

### Erkenning van die ooglopende

Laat ons tot die punt kom – dit is duidelik dat dinge bestaan. Dit het nie net uit niks ontstaan nie! Dit moes geskep gewees het. Wie of wat het veroorsaak dat dit ontstaan het?

Koning Salomo, een van die slimste mans wat nog ooit geleef het, skryf: "Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind" (Prediker 3:11).

Die apostel Paulus verduidelik dat hierdie Skepper Homself openbaar, maar baie mense weier om dit raak te sien: "Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat

*Vervolg op bladsy 7*

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

die volgende vers afgesluit: "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom *weer* na julle toe." Die Heilige Gees is die krag wat uit God die Vader en Jesus Christus vloei. Dit is die middelaar waardeur Christus na hulle sou kom en waarom Paulus verkondig, "Christus leef in my" (Galásiërs 2:20). Dit is die Gees van die waarheid wat ons in die waarheid sal lei (Johannes 16:13-14), net soos wysheid ons opdrag gee (Spreuke 9:1-6).

Ja, Johannes 3:16 sê: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Daardie einste God het vir ware Christene Sy Gees gegee – Sy eie krag – waardeur hulle op Sy manier kan leef ter voorbereiding vir daardie ewige lewe wat kom.

Vir meer inligting, sien ons gratis boekie, *Johannes 3:16: Verborge waarhede van die goue vers.* WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

Wat is dit wat die vreugde bring wat so baie mense wil hê en wat so baie van hulle nie vind nie?

Salomo het ons gewys op 'n lewe van arbeid waarvan ons die vrugte kan pluk en na die welsyn van ander omsien. "So het ek dan ingesien dat daar niks beters onder hulle is nie as om bly te wees en om goed te doen in die lewe. En ook – dat elke mens eet en drink en die goeie geniet by al sy moeitevolle arbeid; dit is 'n gawe van God" (Prediker 3:12-13). Dit kan egter nie die volledige antwoord wees nie aangesien eet, drink en blydskap eendag alles tot 'n einde sal kom – dit is die ware les wat Salomo wou oordra!

Salomo het geskryf vanuit die perspektief van die sterflike mens. Indien daar geen lewe na die dood is nie of iemand goed of sleg is, wys of dwaas is, die einde is nog dieselfde. "... die wyse het sy oë in sy hoof, maar die dwaas wandel in die duisternis. Maar ek het óók ingesien dat een en dieselfde lot hulle almal tref. Daarom het ek in my hart gesê: Dieselfde wat die dwaas tref, sal my ook tref; waarvoor was ek dan so buitengewoon wys? En ek het in my hart gespreek dat dit ook tevergeefs is" (Prediker 2:14-15).

Beteken dit dat Salomo geen hoop anderkant die graf gesien het nie? Op die oog af lyk dit asof dit die geval kan wees:

"Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie. ... Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie" (Prediker 9:5-6, 10).

**Is die dood egter die einde**?

Salomo het iets verstaan wat te min mense besef: Ons sterflikheid is 'n belangrike deel van die wyse waarop God met ons werk. "Ek het in my hart gesê: Ter wille van die mensekinders *gebeur dit*, dat God hulle kan beproef, en dat hulle kan insien dat hulle in hulleself vee is. Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere: hulle het een en dieselfde lot; soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle almal het dieselfde asem, en 'n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie; want alles is tevergeefs. Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug" (Prediker 3:18-20).

Ja, God is besig om elkeen van ons te toets. Hy wil hê dat ons besef dat die lewe tydelik is, maar dat – soos Salomo duidelik verstaan het – dit nié die einde is nie. "Ek het in my hart gesê: Gód sal die regverdige en die goddelose oordeel, want dáár is 'n tyd vir elke saak en vir elke werk" (Prediker 3:17). Ons merk op dat hierdie boodskap regdeur die boek Prediker herhaal word. Salomo het besef dat ons gedrag tydens hierdie sterflike lewe wél saak maak. "... aangesien 'n sondaar honderd maal kwaad doen en hy lank lewe – alhoewel ek weet dat dit goed sal gaan met die wat God vrees, omdat hulle voor sy aangesig vrees" (Prediker 8:12). In een van die bekendste gedeeltes van Prediker gee hy raad aan die volgende geslag: "VERBLY jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring" (Prediker 11:9).

Salomo se woorde is belangrik. Dit tref ons diep in die hart. Dit is in teenstelling met die keuse van persoonlike, selfsugtige begeerte teenoor die keuse om iets groter raak te sien as die hier en nou (Handelinge 2:36, 37). Jesaja spreek die behoefte aan om op te tree terwyl daar tyd is en die belangrikheid van God se genade vir daardie verstandige mense wat hulle distansieer daarvan om net vir vandag te lewe.

"Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit: die bestendige genadebewyse van Dawid.

## Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:2-3, 6-7).

Salomo sluit sy les af met 'n waarskuwing dat God ons dade oordeel. "Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg" (Prediker 12:13-14). Laat ons almal ag slaan op daardie waarskuwing!



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**